




**Stellenbosch**

UNIVERSITY  
IYUNIVESITHI  
UNIVERSITEIT

**Biblioteek- en Inligtingsdiens  
JAARVERSLAG 2022**





# 1

## Inleiding

5

---

# 2

## Hoogtepunte van 2022

9

---

# 3

## Ons strategiese doelwitte

13

- 3.1 Responsiewe, transformerende en inklusieve dienste 14
  - 3.2 Optimale toegang tot responsiewe versamelings 18
  - 3.3 Slimtegnologieë vir 'n biblioteekdiens wat digitaal eerste stel 24
  - 3.4 Leier in digitale akademieskap en navorsingsteun 24
  - 3.5 Interne en eksterne vennootskappe en inklusieve netwerke 32
  - 3.6 Bekwame, diverse en buigsame personeel 33
- 

# 4

## Ander aktiwiteite

40

---

# 5

## Slotopmerkings


46



# 1

## Inleiding

"In 2022 het ons in 'n sekere sin teruggekeer na sake soos gewoonlik, hoewel die nadraai van die pandemie, en die lesse wat ons uit daardie buitengewone omstandighede geleer het, wél ons benadering tot ons werk beïnvloed het."



# Inleiding

Personeellede van die Universiteit Stellenbosch (US) se Biblioteek- en Inligtingsdiens ("die Biblioteek") het in 2022 amptelik die era ná Covid betree deur voluit na die kantoor terug te keer. In 'n sekere sin was dit weer sake soos gewoonlik, hoewel die nadraai van die pandemie, en die lesse wat ons uit daardie buitengewone omstandighede geleer het, wél ons benadering tot ons werk beïnvloed het. 'n Veerkrachtige, aanpasbare personeelkorps het die jaar se uitdagings met mening gepak en uiteindelik sukses gevier.

Studente en besoekers was oënskynlik gretig om weer ons biblioteekgeboue te gebruik. In teenstelling met die ervaring by sommige ander akademiese biblioteke in die Wes-Kaap, is die meeste van ons fisiese fasiliteite die hele jaar deur goed benut. Ons het ook 'n aantal besoeke ontvang van eweknieë op die vakgebied Biblioteek- en Inligtingswetenskap wat hulle diensaanbod en bedrywighede met ons s'n wou kom vergelyk.

Die eerste twee jaar van Strategiese Rigtigs 2021-2025 het teen die einde van Desember 2022 ten einde geloop. In daardie dokument met sy ses strategiese temas verbind die Biblioteek hom tot bepaalde aksies om die US se Visie 2040 te ondersteun en te bevorder deur 'n innoverende navorsings-, onderrig- en leersteundiens van wêreldgehalte te voorsien en sodoende na akademiese uitnemendheid te streef.

Ons hersien gewoonlik ons strategiese aksies elke twee jaar om ons vordering en prioriteite te bepaal en op ontluikende tendense te reageer. Dit het ons ook 'n geleentheid gebied om na te dink oor hoe die Biblioteek op die uitdagings van die afgelope twee jaar gereageer het én om vir siklus 2023/24 voor te berei.

Na aanleiding van ons oordenkings is ons ingenome om oor mylpale en prestasies soos die volgende te kan verslag doen:

- Die Biblioteek het 'n nuwe, bygewerkte Raamwerk vir Digitale en Inligtingsvaardighedsopleiding in gebruik geneem.
- Ons het bestepraktykryglynne vir personeel opgestel vir die optimale gebruik van ons huidige virtuele diensiinstrumente soos MS Teams, Camtasia,

SUNLearn, ons biblioteekgidse, en sowel LibAnswers as LibChat, wat ons in Desember 2021 geïmplementeer en bekend gestel het.

- Nadat ons die Leganto-kursusleeslysstelsel in Februarie 2021 in gebruik geneem het, het ons die hele 2022 deur verskeie individuele en groepsopleidingsessies aangebied. Gevolglik het dosente Leganto kreatief aangewend.
- Die Biblioteek het 'n gids oor oop handboeke geskep om gebruikers bewus te maak van oop inhoud en hulle aan te moedig om dit te gebruik. In 'n proefprojek het 'n groep fakulteitsbibliotekarisso met hulle fakulteite geskakel om te bepaal watter oop handboeke voorgeskryf kan word. In die jaar wat voorlê, sal die bibliotekarisso voortgaan met hulle bewusmakingswerk en om die gebruik van oop handboeke deur middel van opleidingsessies te bevorder.
- Ons het 'n strategie ontwikkel en geïmplementeer om die Biblioteek se digitale inhoud aansienlik uit te brei en sodoende die Universiteit se nuwe onderrig- en leermetodes te ondersteun. Die strategie het heelwat daar toe bygedra om die druk op skaars hulpbronne te verlig.
- Die US Biblioteek se interaktiewe inligtingskerm (raakskerm met 'n ingeboude rekenaar en pasgemaakte voetstuk) is in April 2022 in gebruik geneem en is nou ten volle in werking.
- Ons het voortgegaan om verskeie dienste en opleidingsessies oor digitale geletterdheidsvaardighede met betrekking tot die Makerspace in die US Biblioteek te voorsien. Die Makerspace, wat ons in Maart 2021 bekend gestel het, is nou 'n gewilde en hoogs benutte ruimte en bied 3D skandeer- en drukgeriewe en 'n spesiale webinaar om nuwelinge aan die fasilitet se diensaanbod bekend te stel.
- Laastens het die Biblioteek in die loop van 2022 'n paneelbord in gebruik geneem. Die visuele voorstelling van Biblioteekstatistieke met behulp van dié stelsel sal ons ingeligte bestuursbesluite help neem.

Die internasionale statuur van ons Biblioteekbestuur is opnuut bevestig toe me Ellen Tise, Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens, in Desember 2021 genooi is om saam met elf ander toonaangewende rolspelers in die dissipline tot die boek *Benchmarking Library, Information and Education Services: New Strategic Choices in Challenging Times* by te dra. Die boek, wat vroeg in 2023 by Elsevier verskyn, onderneem 'n internasionale kwalitatiewe vergelyking om stabiliserende en volhoubare oplossings in reaksie op die onlangse wêreldwye onstuimigheid te bied. Die doel is om gesamentlike kennis en praktiese voorbeeldte benut om biblioteekleiers en -bestuurders goeie strategiese besluite vir die toekoms te help neem, die grondslag vir voortgesette navorsing te lê, en by te dra tot praktiese uitsette wat die algemene sektor sal baat. Gedurende die dinkskrumsessies om die inhoud van die boek te beplan is vyf kerntemas uitgewys, naamlik (i) die vraag na digitaal en na inligtings- en kommunikasietegnologieë (IKT's), (ii) bestuur, strategieë en verhoudings, (iii) biblioteekruimtes, en dienslewering in fisiese ruimtes, (iv) gedrukte versamelings, en (v) dienste. Die Biblioteek het 'n hoofstuk getiteld "Resilience, retention and return of staff: the case of Stellenbosch University Library" bygedra, wat gesamentlik deur Ellen Tise en Henriëtte Swart geskryf is.

Ons het sedert die pandemie opgemerk dat die fisiese ruimte en personeeldele van ons biblioteek op die Bellvilleparkkampus nie na wense benut word nie en

dat die biblioteekversameling verouderd is. Gevolglik is die gebruikstatistieke van dié fasilitet besonder laag. In gesprekke met alle belanghebbendes op daardie kampus het 'n sterk gevoel ten gunste van die behoud van 'n fisiese biblioteekteenwoordigheid onder die akademiese gemeenskap aan die lig gekom. Die fisiese ruimte, wat in 2018 opgeknap is, bly dus vir eers onveranderd, en ons sal die saak binne die volgende twee jaar hersien.

'n Groot uitdaging die afgelope jaar was die voortdurende druk op die materiaalbegroting as gevolg van die toenemende vraag na digitale inhoud. E-boeke word al hoe gewilder. Nietemin is hierdie boeke dikwels heelwat duurder as die gedrukte weergawes, en indien e-handboeke enigsins vir biblioteke te koop aangebied word, geskied dit teen buitensporige pryse. As gevolg hiervan, tesame met die beperkte (inflasiegekoppelde) jaarlikse verhoging in ons materiaalbegroting, kon ons minder boektitels aankoop. Om dieselfde rede kon ons ook nie nuwe intekenooreenkoms aangaan nie, ondanks ons kliëntegemeenskap se behoefte aan bykomende databasisse en vaktydskrifte.

Op 'n ligter noot het personeeldele van die Biblioteek die afgelope jaar voortgegaan om op innoverende maniere met kliënte te skakel. Die fakulteitsbibliotekarisse het 'n TikTok-rekening geskep, wat gou uiters gewild was onder studente. Die 56 aweregse video's wat op die platform gelaai is, het tot dusver meer as 23 000 "likes" ontvang en 1 501 volgelinge opgebou.





2

# Hoogtepunte van 2022



# Hoogtepunte van 2022

## Gehaltebeoordeling

Ons het 'n baie suksesvolle gehaltebeoordeling onderneem. Vir dié beoordeling moes ons die Biblioteek se prosesse, werkzaamhede en hulpbronne sorgvuldig ondersoek en uitdagings, gebiede vir verbetering sowel as gebiede van uitnemendheid uitwys.

Ons het met 'n self-evaluatingsverslag deur die Biblioteek se Self-evalueringskomitee begin. Daarna het drie eksterne ewekniebeoordelaars – dr Reggie Raju (Direkteur: Navorsing & Leer aan die Universiteit van Kaapstad), me Kate Robinson (Universiteitsbibliotekaris: Universiteit van Bath) en dr Lorraine Harricombe (Viserektor en Direkteur: Universiteit van Texas Biblioteke) – ons kom besoek en 'n ewekniebeoordelaarsverslag saamgestel. Laastens het ons 'n reaksie op die ewekniebeoordelaars se aanbevelings ontwikkel waarin ons verduidelik hoe ons beplan om die kwessies wat hulle geopper het te hanteer. Ons het hierdie reaksie aan die US se Gehaltekomitee voorgelê.



Prof Sibusiso Moyo, die gehaltebeoordeeling en biblioteekpersoneel

## Opknapping van ruimtes en infrastruktuur in US Biblioteek

Die opknappings aan die US Biblioteek se hoofingang, uitleenarea, leesarea, toiletgeriewe, die ruimtes vir Natuur- en Landbouwetenskappe en die studieareas op die boonste verdieping is in Mei 2022 afgehandel. As deel van die projek spog die fasilitet nou ook met bykomende werkstasies, kompleet met rekenaars en studiehokkies. Die nuwe hokkies is ruim en toegerus met kragpunte. Om te keer dat enige geraas kliënte in

hulle leer-, lees-, skryf- en navorsingswerk steur, het ons akoestiese panele in die opgeknapte areas en op die skuins loopvlak tussen die verdiepings aangebring.

Hoewel die Biblioteek nog nie enige empiriese bewyse versamel het nie, blyk kliënte die nuwe en opgeknapte ruimtes goed te benut. Trouens, die opgeknapte areas is dikwels voller as die res van die fasilitet. Inligtingstekens in Engels, Xhosa en Afrikaans help skep 'n verwelkomende omgwing.

Die US se Afdeling Fasiliteitsbestuur het ook die lugversorgingstelsel in die US Biblioteek opgeknap en 'n ononderbroke kragtoevoer- (UPS-)stelsel geïnstalleer. Laasgenoemde verseker nou stabiele kragvoorsiening aan studentwerkstasies en die Wi-Fi-netwerk, wat onderbrekings in data- of netwerkverbindings so ver moontlik beperk. Om die Biblioteek sy strategiese doelwit te help bereik om 'n biblioteekdienis te wees wat digitaal eerste stel, is die Wi-Fi-netwerk boonop uitgebrei om in die toenemende vraag na konnektiwiteit in 'n digitaal-intensieve leeromgewing te voorsien. Die US Biblioteek alleen beskik nou oor 45 mobiele Wi-Fi 6-kuberkolle oor albei verdiepings van die gebou.

Ons het op 1 Augustus 'n geleentheid aangebied om die voltooiing van die US Biblioteek-opknappingsprojek te vier. Lede van die Rektoraat, die Biblioteekkomitee van die Senaat, Fasiliteitsbestuur en ons eie personeel was daar. Die suksesvolle uitvoering van die projek getuig van ons verbintenis tot die Universiteit se doelstelling om "die standaard van die Universiteit se fasilitete en infrastruktuur te verhoog na dié van 'n wêreldklasnavorsingsintensieve universiteit, wat terselfdertyd visuele regstelling omarm". Daarbenewens ondersteun die opknappings en verbeterings 'n transformerende studente-ervaring.





### Biblioteeknavorsingsweek

'n Verdere hoogtepunt van die jaar was ons suksesvolle Biblioteeknavorsingsweek, wat van 16 tot 20 Mei plaasgevind het. Hierdie vlagskipprogram toon ons verbintenis tot die Universiteit se kerntema van "Navorsing vir impak".

Biblioteeknavorsingsweek 2022 was die tiende aflewering van die geleentheid, en die oorhoofse tema was "Karteer jou navorsingsreis". Die aktiwiteite het begin met 'n paneelbespreking oor navorsingsetiek. Die res van die week se aanbiedings het oor allerhande aspekte van die navorsingslewensiklus gehandel, waaronder literatuur- en stelselmatige oorsigte, die skryf van navorsingsvoorstelle, navorsingsmetodes, Mendeley, navorsingsdatabestuur en kopiereg. Altesaam 752 navorsers het die week se sessies bygewoon, en die sessie-opnames op YouTube is meer as 463 keer gekyk.

### Edwin Cameron-versameling en -leeskamer

Ons het op 6 Desember 2022 die Edwin Cameron-versameling en -leeskamer in die US Biblioteek bekend gestel. Die versameling bestaan uit regter Cameron se publikasies en lesings sowel as materiaal oor sy vrywillige gemeenskapsdiens en syregsloopbaan, waaronder sy jare as regter van die Konstitusionele Hof. Cameron het die versameling in 2021 aan die Biblioteek geskenk, waar dit nou naas die versamelings van ander US Kanseliers soos Frederik Van Zyl Slabbert bewaar word. Gaste kon ook na 'n uitstalling van dokumente en foto's uit die versameling kyk in die toegewyde Edwin Cameron-leeskamer, wat die oudregter self gedurende die geleentheid geopen het.



### Ooptoegangweek

Ons het Ooptoegangweek met 'n drie dae lange program van aanbiedings gevier. Die tema vir 2022 was "Oop vir Klimaatsgeregtigheid", met 'n bepaalde klem op klimaatsverandering. Die hibridiese sessies het sowel kontak- as aanlyn deelnemers gelok.

Van die aanbiedings wat uitgestaan het, was "In the climate change fight: GIS and earth observation is might" deur prof Helen de Klerk en mnr Curtis Bailey van die US se Departement Geografie en Omgewingstudie, en "Technology, social impact, research, and our fight against climate change" deur prof Thinus Booyens van Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese. Albei voorleggings het gehandel oor oop data, oopbron databewaarplekke, en die innoverende daaglikse gebruik van oop data in die samelewing, soos vir die skatting van kragverbruik en toepassings in die taxibedryf.



### Bevorder digitale akademieskap

Deur ons verskillende institusionele bewaarplekke, waaronder SUNScholar, SUNScholarData, SUNDigital Collections en SUNJournals, het ons voortgegaan om ons rol as 'n aktiewe deelnemer aan, en kampvegter vir, ooptoegang-akademieskap te verstewig.

Die Biblioteek se bewaarplekke het 'n beduidende impak. Teen Desember 2022 het dokumente in SUNScholar byvoorbeeld 390 901 besigtigings aangeteken en is dit 157 622 keer afgelaai. Items in SUNDigital Collections het op hulle beurt 29 590 besigtigings ontvang en is 14 559 keer afgelaai. Besigtigings was van alle vastelande wêreldwyd, wat die siteerbaarheid en internasionale impak van die materiaal verhoog.



3

# Ons strategiese doelwitte



# Ons strategiese doelwitte

## 3.1 Responsiewe, transformerende en inklusiewe dienste

### Strategiese Doelwit 1

**Om responsiewe, transformerende en inklusiewe dienste oor digitale en fisiese omgewings heen te lewer om navorsing, onderrig en leer te ondersteun en te bevorder.**

#### Akademiese Dienste

Ons span van Akademiese Dienste het voortgegaan om studentesukses te ondersteun deur strategiese aksies wat daarop gerig is om in kliënte se immer veranderende behoeftes te voorsien.

Ons het ons volledige diensaanbod hervat kort nadat die laaste Covid-19-beperkings opgehef is. Studente was bly om na ons fisiese biblioteekruimtes te kon terugkeer, en alle kliënte kon alle fasiliteite gebruik sonder om 'n afspraak te maak. Akademiese Dienste het die diensaanbod ook voortdurend na gelang van veranderende omstandighede hersien en kliënte in sowel kontak- as aanlyn vorm van inligtingshulpbronne en dienste voorsien.

In die lig van die Universiteit se verskuiwing na hibridiese onderrig en leer was hierdie vermoë om biblioteekdienste in hibridiese vorm te voorsien uiters waardevol om studentesukses te ondersteun en die algehele studente-ervaring te verbeter. Ons aanlyn opleiding en die virtuele inligtingsdienste Vra 'n Bibliotekaris en LibChat is ook steeds goed benut.

Selfs met die verskuiwing na digitaal, was biblioteekgeboue egter ook in aanvraag. Baie studente verkieς steeds ons hipermoderne Wi-Fi-toegeruste fisiese ruimtes vir sowel individuele as groepstudie.

Ons voorsien dus dat die toekoms van ons dissipline op 'n kombinasie van digitale en fisiese biblioteke sal berus. Om in dié konteks sukses te behaal, sal biblioteke en uitgewers moet saamwerk aan bekostigbare en volhoubare modelle om studente van die nodige e-boeke en e-handboeke te voorsien.

### Digitale en inligtingsvaardighede


Die Biblioteek het in 2022 'n bygewerkte Raamwerk vir Inligtingsgeletterdheid aanvaar, wat nou as die Raamwerk vir Digitale en Inligtingsvaardighedsopleiding bekend is. Die raamwerk sit algemene beginsels en metodes uiteen om inligtingsvaardighede met onderrig en leer te integreer, gedagdig daarvan dat inligtingsgeletterdheid ten nouste met ander geletterdhede soos digitale, media- en datageletterdheid verband hou.

Elizabeth Moll-Willard (Fakulteitsbibliotekaris: AgriWetenskappe) en Jeremiah Pietersen (Bestuurder: Leer en Opleiding) het die bygewerkte raamwerk in Julie in 'n Auxin-aanbieding ('n seminaarreeks van die US se Sentrum vir Onderrig en Leer) aan die Universiteitsgemeenskap bekend gestel. Ons het dit ook in Oktober aan afgevaardigdes by die Internasionale Konferensie oor Inligtingsgeletterdheid (ICIL) Afrika in Potchefstroom voorgelê.

### Modulespesifieke opleiding

Die getal kliënte wat ons fakulteitsbibliotekarisse se modulespesifieke opleiding voltooi, het oor die jare stelselmatig afgeneem (figuur 1). Ons skryf dit toe aan die enorme hoeveelheid hulpbronne vir selfgerigte leer wat aanlyn beskikbaar is. Soos ons hier onder verduidelik, skep ons personeellede gereeld nuwe biblioteekgidsse om kliënte in staat te stel om inligting op hulle eie op te spoor.

### Getal kliënte wat modulespesifieke opleiding voltooi het, 2019-2022



**Figuur 1:** Getal kliënte wat modulespesifieke opleiding voltooi het, 2019-2022

## Biblioteekgidse

Ons biblioteekgidse bly waardevolle vakspesifieke en navorsingsteuninstrumente vir studente, veral in die lig van die US se benadering van gemengde onderrig en leer. Die gidse lei kliënte na die inligting wat hulle nodig het om hulle akademiese loopbane te ondersteun.

Die voortgesette gewildheid van ons biblioteekgidse blyk duidelik uit die getal besigtigings wat aangeteken word. Totale besigtigings het in 2022 die hoogte ingeskiet (figuur 2): Die 368 874 besigtigings is 14% (40 000) meer as in 2021 en die meeste tot nog toe.




Biblioteekgidse **368 874** keer besigtig



**14% toename** in besigtigings van biblioteekgidse

### Jaarlikse besigtigings van biblioteekgidse, 2019-2022



**Figuur 2:** Jaarlikse besigtigings van biblioteekgidse, 2019-2022

Die gewildste gidse in 2022 het uit 'n kombinasie van vakspesifieke en navorsingsverwante gidse bestaan. Dit bewys dat alle kliënte, ongeag hulle akademiese vlak, op hierdie hulpbronne staatmaak om hulle akademiese vordering te ondersteun. Op grond van die getal besigtigings was die volgende 20 gidse die afgelope jaar die gewildste:

**Tabel 1:** Die 20 gewildste biblioteekgidse volgens tema, 2022

	BIBLIOTEKGIDS	BESIGTIGINGS
1	Doeltreffende inligtingsopsporing, -toegang en -gebruik: 'n stapsgewyse gids	95 048
2	Regsgeleerdheid	72 566
3	Bibliotekure	17 795
4	Verwysingstegnieke	14 913
5	Buitekampustoegang	10 309
6	Navorsingsproses	9 970
7	Sielkunde	9 838
8	Politieke Wetenskap	9 463
9	Mendeley	7 848
10	Teologie	7 292
11	Makerspace	5 475
12	Gids van Suid-Afrikaanse musiek-versamelings	5 413
13	E-boeke	5 152
14	Wetenskap in konteks	4 808
15	Ekonomiese	4 643
16	Geneeskunde & Gesondheidswetenskappe	4 611
17	Ondernemingsbestuur	4 159
18	Afrikaans & Nederlands	3 776
19	Waar om jou navorsingsartikel te publiseer	3 668
20	Geschiedenis	3 494

Dit is interessant om te sien dat die lys twee nuwe vakspesifieke gidse insluit wat maar eers in die loop van 2022 vrygestel is, naamlik "Geschiedenis" en "Ondernemingsbestuur".

## **Opknappings aan die US Biblioteek**

Bouwerk aan die lywige opknappingsprojek by die US Biblioteek is in Mei 2022 voltooi. Die 15 maande lange projek is in drie oorvleuelende fases uitgevoer. In fase 1 is die kliëntedienstoonbank, die reserweafdeling, verbandhoudende personeelwerkareas en personeeltoilette opgeknap, terwyl die ablusiegeriewe op die onderste verdieping ook vernuwe is. In fase 2 het die kontrakteurs nuwe studie- en werkareas vir studente op die boonste verdieping geïnstalleer en nuwe vloere gelê. Fase 3 het bestaan uit die opknapping van die ingangsportaal, die voorsiening van beter toegangsbeheer, die installering van nuwe sekuriteitsareas en 'n leesarea langsaan, sowel as nuwe werkstasies vir studente al langs die dubbelvolumeruimte.

Die US Biblioteek spog nou ook met opgeknapt lugversorging, en 'n nuwe UPS-stelsel verseker stabiele kragvoorsiening aan studentewerkstasies en die Wi-Fi-netwerk en beperk onderbrekings in data- en netwerkverbinding. Boonop is die Wi-Fi-netwerk aansienlik uitgebrei en geniet US Biblioteek-kliënte nou beter konnektiwiteit danksy 45 Wi-Fi 6-kuberkolle deur die hele gebou. Dit het beslis ons pogings versterk om 'n biblioteekdiens te wees wat digitaal eerste stel.

Ons bedank ál ons kliënte, wat verdraagsaam, geduldig en vol begrip was gedurende die bouwerk. Die Biblioteek is oortuig dat die gerieflike en doelgepaste ruimtes en gebruikervriendelike elemente wat kliënte nou geniet die wag werd was, en ons is trots op wat ons vermag het. Dit is waarom ons in Augustus 2022 die voltooiing van die opknapping met 'n spesiale geleentheid gevier het. Lede van die Rektoraat, die Bibliotekkomitee van die Senaat, die Afdeling Fasiliteitsbestuur en ons eie personeel was onder die gaste. Ons het gedurende die geleentheid onder meer 'n video van die veranderinge vertoon.

## **Makerspace**

Die Makerspace in die US Biblioteek het homself deur en deur bewys as 'n eersterangse verskaffer van innoverende digitale ervarings vir sowel personeel as studente. Die fasilitet het in die verslagjaar 57 opleidingsessies aangebied, wat 200 deelnemers gelok het. Die sessies het gehandel oor 3D druk- en skandearwerk, rekenaargesteunde ontwerp, elektronika en robotika.

'n Werksessie oor die Internet van Dinge ("IoT") het op sy beurt die belangstelling geprikkel van US-navorsers op verskillende vakgebiede. Die sessie het deelnemers bekend gestel aan die konsep van IoT en die onderrig van basiese Arduino-programmering vir navorsingsdoeleindes.

Daarbewens maak akademici toenemend gebruik van die Makerspace as 'n samewerkende onderrigruimte om hulle studente en personeellede in innoverende tegnologieë op te lei. Gereelde gebruikers sluit in Visuele Kunste en die Navorsingsagteware-ontwerpgroep. So byvoorbeeld het 'n dosent in Juweelontwerp die fasilitet in 2022 vir sewe weke as 'n onderrigruimte gebruik, terwyl die Makerspace ook 19 personeellede van die Sentrum vir Leertegnologie vir 'n inleidende sessie oor rekenaargesteunde ontwerp ontvang het.

Ander samewerkings sluit in die Skool vir Publieke Leierskap, wie se studente praktiese werk in die Makerspace kom doen het om hulle bloot te stel aan idees en hulpbronne om 'n onderneming te begin of maatskaplike uitdagings die hoof te bied. Die Departement Antieke Studie het die 3D skandearfasiliteite gebruik om modelle van ouwêrelde artefakte vir verdere navorsing, onderrig en leer te maak. Die Makerspace was boonop die perfekte plek vir nagraadse studente van die Departement Stads- en Streeksbeplanning om te leer hoe om 'n straatbesigtigingstoepassing op 'n virtuelerealiteit-kopstel te gebruik en sodoende straatontwerp en woonbuurtuitleg te ervaar sonder om fisies in die strate en buurte te wees.

Benewens hierdie interne aktiwiteite het die Makerspace ook personeel van Unisa se Biblioteek- en Intligingsdienste en van die biblioteek by die Durban Universiteit vir Tegnologie ontvang om meer oor die fasilitet en sy diensaanbod te kom leer.

## **Leganto**

Ons het in 2020, toe die Covid-19-krisis op sy ergste was, 'n toekenning van die US Strategiese Fonds bekom om die Leganto-kursusleeslysstelsel te implementeer en met die Universiteit se leerbestuursplatform, SUNLearn, te integreer. Die bekendstelling van die wolkgebaseerde stelsel aan die einde van daardie jaar het saamgeval met 'n toenemende behoefte onder studente om op SUNLearn met hulle dosente te kommunikeer in die lig van die inperking.

Die stelsel stel dosente in staat om hulle kursusleeslyste direk van binne die SUNLearn-omgewing op te stel en te bestuur, en verbeter ook gebruikervriendelikheid vir studente.

Benutting van die Leganto-stelsel het die afgelope jaar aansienlik toegeneem, deels danksy ons voortgesette bewusmaking- en opleidingsveldtogte. Altesaam 53 dosente van 32 (van die 78) US-departemente het teen Desember reeds 111 leeslyste op die stelsel geskep.

Om gebruikers se ervaring van Leganto te bepaal, het ons in Julie 'n meningsopname onderneem. Sowat 85% van akademici het aangedui dat hulle dit geniet om die stelsel te gebruik en dit by hulle kollegas sal aanbeveel. Hulle het voordele genoem soos die stelsel se tydsdoeltreffendheid, gebruikervriendelikheid en behoorlike integrasie met SUNLearn, wat studente alle hulpbronne op een plek bied. Studenterespondente was op hulle beurt ewe ingenome met die algemene Leganto-ervaring, maar het ook moontlike verbeteringe aan die gebruikeroppelvlak voorgestel. Ons ondersoek tans hoe ons hulle aanbevelings kan implementeer.




**14 276 besigtigings** van FAQ-blaale op Vra 'n Bibliotekaris



**28% toename** in besigtigings van FAQ-blaale op Vra 'n Bibliotekaris

*Getal besigtigings van FAQ-blaale op Vra 'n Bibliotekaris, 2018-2022*




**Figuur 3:** Getal besigtigings van FAQ-blaale op Vra 'n Bibliotekaris, 2018-2022

### Virtuele inligtingsdienste

Kliënte het ons virtuele inligtingsdiensts Vra 'n Bibliotekaris goed benut. Die blaaale met gereelde vrae ("FAQs") stel kliënte in staat om antwoorde te kry sonder om 'n nuwe vraag in te dien, wat duplisering uitskakel en vir alle betrokkenes moeite spaar. Besigtigings van die FAQ-blaale het die afgelope jaar met 28% toegeneem tot 14 276, vergeleke met 11 145 besigtigings in 2021(figuur 3).

In 2022 het kliënte 429 nuwe vrae op Vra 'n Bibliotekaris gevra, wat 34.9% minder is as die 659 wat die diens in 2021 ontvang het (figuur 4). Dit bevestig dat die meeste belangrike kwessies reeds op ons FAQ-blaale aandag ontvang.

*Getal nuwe vrae op Vra 'n Bibliotekaris, 2019-2022*




**Figuur 4:** Getal nuwe vrae op Vra 'n Bibliotekaris, 2019-2022

### Biblioteekbenutting

Die ontwrigting van die pandemie het die ganse akademiese wêreld swaar getref. Daarom was ons bly om in die tweede helfte van 2022 'n tydperk van normalisering te betree nadat die inperkingsregulasies opgehef is. Hiervoor het ons 'n kombinasie van afstandsbystand, aanlyn hulpbronne én kontakdienste in ons fisiese biblioteke voorsien.

*Library access statistics, 2018-2022\**




**Figuur 5:** Biblioteektoegangstatistieke, 2018-2022

\* Wat die US Biblioteek betref, weerspieël die statistieke vir 2022 benutting vanaf die middel van die jaar tot en met November aangesien opknappingswerk aan die fasilitet nog nie hele eerste helfte van die jaar geduur het.

Soos figuur 5 toon, het die getal besoekers aan ons biblioteke aansienlik toegeneem van 86 312 in 2021 tot 916 228 in die verslagjaar, hoofsaaklik as gevolg van die opheffing van alle Covid-19-beperkings.

Kliënte het met mening vir hulle studie en navorsing na ons fisiese fasiliteite teruggekeer. Toegang tot die Leersentrum het byvoorbeeld van 14 102 in 2021 tot 28 534 in 2022 toegeneem (figuur 6).


**Leersentrumtoegangstatistieke, 2018-2022**



**Figuur 6: Leersentrumtoegangstatistieke, 2018-2022**

Toegang tot ons Navorsingsruimte het eweneens toegeneem van 1 045 in 2021 tot 3 767 in 2022 (figuur 7).

**Navorsingsruimtetoegangstatistieke, 2018-2022**



**Figuur 7: Navorsingsruimtetoegangstatistieke, 2018-2022**

### **3.2Optimale toegang tot responsiewe versamelings**

#### **Strategiese Doelwit 2**

**Om vakkundigheid en leer te versnel deur die voorsiening van optimale toegang tot formaatneutrale, responsiewe versamelings.**

Ons gaan voort om hulpbronne van gehalte te voorsien wat relevant is vir die Universiteit se leer-, onderrig- en navorsingsaktiwiteite. Dit sluit in die unieke hulpbronne in die verskillende onderafdelings van ons Afdeling Spesiale Versamelings, wat ons ter wille van ons kliënte sorgvuldig bewaar en bestuur.



**1,22 miljoen** fisiese bundels

#### **Materiaalbegroting**

Ons begroting vir biblioteekmateriaal in 2022 was R93 023 232. Die begroting is van 2021 tot 2022 met 4,35% verhoog, wat gelykstaande was aan die heersende inflasiekous. Nietemin was ons werklike besteding R100 357 673 as gevolg daarvan dat die werklike wisselkoers hoër was as wat vir die begroting gebruik is, en dat jaarlikse prysverhogings op biblioteekmateriaal steeds inflasie oorskry. Die Universiteit het die verskil van R7 334 441 uit sy beleggingspoel gefinansier.

#### **Elektroniese vaktydskrifte en databasisse**

Ons het daarin geslaag om ons intekening op 113 databasisse en vaktydskrifpakkette te behou en het ons kliënte voltekstoegang tot 324 852 akademiese tydskriftitels gebied. Soos tabel 2 toon, is die aanvraag na ons elektroniese hulpbronne steeds besonder groot. Afgelaide volteksartikels van die 25 gewildste databasisse alleen het met 124% toegeneem van 2 355 336 in 2021 tot 5 286 002 in 2022. PressReader, wat aanlyn toegang tot meer as 7 771 Suid-Afrikaanse en internasionale koerante en tydskrifte voorsien, was vir die derde jaar na mekaar die gewildste hulppbron. Die getal volledige tekste wat van PressReader afgelai is, het meer as verdubbel van 734 643 tot 1 557 766.



Ingeteken op **113 databasisse en vaktydskrifpakkette**



Voltekstoegang tot **324 852** tydskriftitels

**Tabel 2:** 25 gewildste databasisse volgens volledige tekste afgelaai, 2022

DATABASIS/TYDSKRIFPAKKET	FAKULTEIT	VOLLEDIGE TEKSTE AFGELAAI
PressReader	Algemeen	1 557 766
Scopus	Algemeen	1 032 909
Web of Science	Algemeen	884 370
ScienceDirect (Elsevier)	Algemeen	437 039
JSTOR	Algemeen	170 215
SpringerNature-tydskrifpakket	Algemeen	153 274
Jutastat Online	Regsgeleerdheid	130 182
Taylor & Francis SSH- en S&T-tydskrifte	Algemeen	123 275
Wiley Online Library	Algemeen	116 966
UpToDate	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	100 467
LexisNexis-regsdatabase van Suid-Afrika	Regsgeleerdheid	89 858
Sage Premier-tydskrifversameling	Algemeen	62 822
Sabinet African Journals	Algemeen	58 808
Academic Search Premier (EBSCO)	Algemeen	56 930
Knovel	Ingenieurswese	49 473
HeinOnline	Regsgeleerdheid	47 851
IEEE	Ingenieurswese	41 102
ACS-publikasies (tydskrifte van die Amerikaanse Chemiese Vereniging)	Natuurwetenskappe	32 432
Clinical Key	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	28 745
Lippincott Williams & Wilkins (LWW) se voltoegangversameling	Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe	25 825
Emerald-e-tydskrifte	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	22 247
Business Source Premier (EBSCO)	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	19 564
Rand Daily Mail (1902-1985)	Algemeen	14 907
Cambridge University Press- aanlyn tydskrifte	Algemeen	14 810
IRESS	Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	14 165
<b>TOTAAL</b>		<b>5 286 002</b>



## Boeke

Die Biblioteek ondersteun die Universiteit se benadering van gemengde onderrig en leer. Daarom is ons daar toe verbind om ons versameling met sowel gedrukte as e-boeke uit te brei.

Ons gedrukte boekversameling het in 2022 met 22% toegeneem, en met R1 676 331 in geldwaarde. Sowat 43% van die nuwe toevoegings was skenkings. As gevolg van 'n styging van 13% in die gemiddelde prys van e-boeke moes ons egter tevrede wees met 24% minder e-boekaankope. Ons het uiteindelik 771 e-boeke by die versameling bygevoeg teen 'n gemiddelde koste van R2 540 per boek.

Hierdie syfers toon maar net weer dat die druk op ons boekbegroting geensins minder word nie. Terselfdertyd het akademiese biblioteke ook ongelukkig nog nie 'n positiewe reaksie ontvang op versoek vir die beskikbaarstelling en lisensiëring van e-handboeke óf vir meer bekostigbare e-boekpryse in Suid-Afrika of elders ter wêreld nie.



### 812 701 gedrukte boeke

Ons gaan voort om oop onderwyshulpbronne ("OERs") op kampus te bevorder. In 2022 het ons egter ons aandag op ooptoeganghandboeke toegespits. Gevolglik sluit ons bibliotekgids oor ooptoeganghandboeke nou die Open Textbook Library (Universiteit van Minnesota; volgens vak), die Directory of Open Access Books (volgens vak) en Liverpool University Press Open Access Books in.

Twee van ons personeellede is ook betrokke by 'n projek van die US se Sentrum vir Leertegnologie om 'n OER-inligtingsgrafiek te ontwikkel. Sodra dit klaar is, sal ons die inligtingsgrafiek in ons SUNScholar-bewaarplek plaas.



### 18 025 e-boeke

## Spesiale Versamelings

### Bied inspirasie vir boeiende uitsette

Navorsers en skrywers raadpleeg steeds graag die materiaal in ons Afdeling Spesiale Versamelings (Dokumentesentrum, Beskermde Versameling en Africana-versameling) en die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) in ons Musiekbiblioteek om gedagteprikkelende werk te lewer. Ons was in 2022 trots om te sien dat die unieke items wat ons bewaar tot die volgende uitsette bygedra het:

## Boeke


Amschwand, N. 2021. *Nineteenth century houses at the Cape: a guide to their development and construction*. Kaapstad: Nigel Amschwand.

De Wet, K. (red.). 2022. *'n Huldigung: Petra Müller: die skerpe gevylde oomblik*. Pretoria: Naledi.

Fourie, P. 2022. *Mr Entertainment: the story of Taliep Petersen*. Midrand: LAPA.


Judin, H. 2021. *Architecture, state modernism and cultural nationalism in the apartheid capital*. New York: Routledge.

Toename in gedrukte boekversameling, 2013-2022




Figuur 8: Toename in gedrukte boekversameling, 2013-2022

Toename in e-boekversameling, 2013-2022



Figuur 9: Toename in e-boekversameling, 2013-2022



**Figuur 10:** Van die publikasies wat inspirasie geput het uit die materiaal in ons Afdeling Spesiale Versamelings

### Boekhoofstuk

Coetzer, N.R. 2021. Earthly beings and the Arts and Crafts discourse in the Cape: conflicted and contradictory (non) appropriations of vernacular traditions, in J. Mascarenhas-Mateus & A.P. Pires (eds.). *History of Construction Cultures*. Londen: CRC Press. 262-267.

### Artikels

Craven, S.A. 2021. Antique song: hurrah for Table Mountain. *Journal of the Mountain Club of South Africa*, 124:94-97.

Dimitruk, K., Du Plessis, S. & Du Plessis, S. 2021. De jure property rights and state capacity: evidence from land specification in the Boer Republics. *Journal of Institutional Economics*, 17(5):764-780, <https://doi:10.1017/S1744137421000266>.

Du Plessis, J.C.M.D. 2022. C. Louis Leipoldt se bydrae tot die materiaalversameling van J.J. Smith se Afrikaanse standaardwoordeboek. *Lexikos*, 32(3):78-94. <https://doi.org/10.5788/32-3-1732>.

Oosthuizen, M. & Lüdemann, W. 2022. Arnold van Wyk (1916-1983) se Carmine Petronii - Carmine Petronii by Arnold van Wyk (1916-1983). *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 62(3):568-587. <http://dx.doi.org/10.17159/2224-7912/2022/v62n3a7>.

Pienaar, J. 2023. 'A policy of sacrifice': G.B.A. Gerdener's missionally founded racial theory and the religionization of apartheid. *Religions*, 14(1):39. <https://doi.org/10.3390/rel14010039>.

Röntsch, M. 2022. Talent offends, genius terrifies: myth and persona in the biographical research on Christopher Langford James. *Personal Studies*, 8(1):131-142.

Thumbran, J. 2021. Headlands and headings: re-locating the coloured category. *Kronos*, 47(1):129-146. <http://dx.doi.org/10.17159/2309-9585/2021/v47a7>.

## Konferensieaanbiedings

Lamprecht, T. 2022. *Qualitative choral music education history: a visible voice*. 35<sup>th</sup> World Conference of the International Society for Music Education, 17-22 Julie, Brisbane, Australië.

Lamprecht, T. 2022. *Amalgamation of cultures: visualising and voicing change and sameness*. 35<sup>th</sup> World Conference of the International Society for Music Education, 17-22 Julie, Brisbane, Australië.

Wium, M. & Gerber, M. 2022. *Hubert du Plessis's Three pieces after paintings by Henri Rousseau (Op. 24) as musical ekphrasis*. Transfers and Traversals: an Interdisciplinary Translation Studies Conference, University of the Free State, 1-2 Desember, Bloemfontein.

## Tesisse en proefskrifte

Crigler, R.K. 2021. Laughter and identity: a social and cultural history of South African humour, 1910–1961. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Michigan: Michigan-staatsuniversiteit. Beskikbaar by <https://d.lib.msu.edu/etd/49876>.

Davids, F.-Jon. 2021. Gordon Jephtas (1943-1992), a coloured life in opera. Ongepubliseerde magistertesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Lamprecht, D.J. 2021. Tygerberg Children's Choir: history and identity. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Murray, P.L. 2022. The political life of Jacob Daniel Du Plessis 'Japie' Basson 1937–1989. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Pretoria: Unisa. Beskikbaar by <https://hdl.handle.net/10500/28980>.

Pienaar, P. 2022. The missionary women of the Huguenot Seminary. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

Tremble, C. 2022. Remembering the past: Apartheid and the careers of six Coloured performing musicians in the field of Western art music. Ongepubliseerde magistertesis. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.

## Teaterproduksie

Wild, Matthew (reg.) & Lingenfelder, Charl-Johan. 2022. *Die sewe doodsondes*. Toyota US Woordfees, Stellenbosch.

## Nuwe toevoegings

Ons Afdeling Spesiale Versamelings was geëerd om die Edwin Cameron-versameling by sy bestaande aanbod in te sluit. Die versameling, wat 213 pamflethouers beslaan, bestaan uit korrespondensie, toekennings, dagboeke, hofsake en -uitsprake, lesingantekeninge, toesprake, foto's, videobande, koerantknipsels en publikasies deur hierdie voormalige regter van die Konstitusionele Hof en huidige US Kanselier (figuur 11).




**Figuur 11:** Voorbeeld van items uit die Edwin Cameron-versameling

Daarbenewens het Spesiale Versamelings toevoegings tot die versamelings van Antjie Krog en André P Brink ontvang.

DOMUS spog op sy beurt met die volgende nuwe toevoegings (sien figuur 12 vir voorbeeld):

- Bladmusiek deur die Suid-Afrikaanse komponis John Simon
- Bykomende CD's, video's en spoelbande as deel van die versameling van die musiekvervaardiger Patrick Lee Thorp
- Tydskrifte en nuusbriewe van die Suider-Afrikaanse Kerk- en Konsertorrellestevereniging (SAKOV)
- Aantekeninge, bladmusiek en korrespondensie van die Suid-Afrikaanse komponis Michael Blake
- Aantekeninge, artikels, korrespondensie en plakkate van die Suid-Afrikaanse filmvervaardiger Aryan Kaganof



**Figuur 12:** Voorbeeld van items uit die versamelings van (van bo na onder) John Simon, Michael Blake en Patrick Lee Thorp, wat nou in DOMUS bewaar word

### **Stel ons seldsame en unieke versamelings ten toon**

Vir bewusmaking van die seldsame materiaal in ons Afdeling Spesiale Versamelings het ons die volgende aktiwiteite onderneem:

#### **Versameling van Hubert du Plessis (1922-2011)**

Die Musiekbiblioteek het dokumente uit DOMUS se versameling van die Suid-Afrikaanse komponis Hubert du Plessis uitgestal ter viering van wat dié musiekman se 100ste verjaardag sou wees.

#### **Aanbieding vir personeel**

In 'n insiggewende aanbieding kon ons eie personeel meer leer oor van ons seldsame, waardevolle en unieke boeke. Die praatjie het ook 'n interessante vergelyking getref tussen die heel eerste versameling wat ons Dokumentesentrum ooit ontvang het (DF Malan) en die jongste toevoeging (Edwin Cameron) en 'n blik gebied op die punkmusiekversameling van Ernesto Marques, wat in DOMUS bewaar word.

### **Woordfeeslesing**

Die Dokumentesentrum het 'n Woordfeeslesing aangebied oor die teaterproduksie *Die sewe doodsondes*, Charl-Johan Lingenfelder se Afrikaanse verwerking van die 'singende balletstuk' *Die sieben Todsünden* deur die Duitse dramaturg Bertolt Brecht en komponis Kurt Weill. Lingenfelder het vir sy aanpassing inspirasie geput uit 'n onvoltooide manuskrip deur die digter, skrywer en akademikus Hennie Aucamp. Die manuskrip maak deel uit van ons Aucamp-versameling, wat uit 55 pamflethouers vol korrespondensie, aantekeninge, dagboeke, manuskripte, personalia, foto's, knipsels en boekresensies bestaan.

Dr Danie Stander, nadoktorale navorsingsgenoot in die US se Departement Afrikaans en Nederlands, en Lingenfelder, 'n musiekregisseur en komponis, het die lesing gesamentlik aangebied. Gaste kon ook na 'n uitstalling oor vertaling, kabaret en *Die sewe doodsondes* uit die Aucamp-versameling kyk.



**Figuur 13:** Links: Die aanbieders van die Woordfeeslesing, dr Danie Stander (links) en Charl-Johan Lingenfelder (regs). Regs: Items uit die Aucamp-versameling het die lesing aangevul.

### **3.3 Slimtegnologieë vir 'n biblioteekdiens wat digitaal eerste stel**

#### **Stragetiese Doelwit 3**

**Om innoverend gebruik te maak van slimtegnologieë om 'n biblioteekdienst en -ervaring te bied wat digitaal eerste stel.**

In ons fisiese biblioteekomgewing bied ons 'n digitaal gedrewe ervaring deur selfhelptegnologieë en innovasieruimtes, en in die aanlyn biblioteek-omgewing het ons geautomatiseerde en direkte kliëntedienste geïmplementeer. Hierdie intervensies omvat ál ons strategiese doelwitte om te sorg dat ons ter wille van ons kliënte en personeel tred hou met wat in die tegnologiewêreld gebeur.

Om onafhanklike gebruik van ons fasiliteite en hulpbronne te ondersteun, is die nuwe selfhelp-ligtingskerm in die voorportaalarea van die US Biblioteek nou ten volle in werking. Die tegnologie stel kliënte onder meer in staat om na die biblioteek se vloerplan te kyk, 'n gesprekskamer te bespreek, 'n afspraak met 'n bibliotekaris te maak, en hulp met opdragte te versoek. Ander beskikbare selfhelptegnologieë sluit in twee selfteruggee-/selfuitneemmasjiene waar kliënte sonder personeel-bystand boeke kan uitneem, terugbring en hernu. Kliënte het hierdie tegnologieë verwelkom, en ons sal voortgaan om hulle gebruikerservaring te verbeter.

Boonop het ons begin verken hoe kunsmatige intelligensie (KI) ingespan kan word om biblioteekwerksaamhede verder te stroom-lyn, soektogte te vergemaklik, en nuwe outomatiseringsgeleenthede vir biblioteekkliënte te skep. Hierdie werk sal in 2023 voortduur met die beoogde implementering van 'n geautomatiseerde kletsbotselsel ter aanvulling van ons bestaande aanlyn naslaankletsdiens, LibChat.

Ons het in 2022 ook 'n paneelbord in gebruik geneem wat inligting versamel en ontleed om die Biblioteek se impak op sy gebruikergemeenskap visueel voor te stel. Die relevante inligting wat dié stelsel bied, maak dit 'n nuttige instrument vir besluitneming, algemene verslagdoening en kliëntekommunikasie.

Om 'n fisiese en virtuele omgewing te skep wat werk en studie bevorder, het ons 'n UPS-stelsel in die US Biblioteek laat installeer. Sodoende het ons die kragtoevoer na ons studentewerkstasies en die Wi-Fi-netwerk (eduroam) gestabiliseer, wat dataverliese en konnektiwiteitsonderbrekings gedurende beurtkrag verhoed. Danksy verbeteringe aan die Wi-Fi-netwerk voorsien ons biblioteekgeboue nou ook 80 eduroam-kuberkolle, waarvan 45 in die US Biblioteek geïnstalleer is. Terselfdertyd verseker 'n nuwe verspreide Vodacom-antennastelsel beter 4G- en

5G-ontvangs in die US Biblioteek. Dit bied gebruikers van mobiele tegnologie groter bandwydte om digitale materiaal af te laai én vir multifaktorstawing, wat alle studente vanaf 2023 sal moet doen om toegang tot die US se leerstelsels te bekom.

#### **Opspoorbaarheid en toeganklikheid van hulpbronne**

Ons gaan voort om toegang tot die beskikbare akademiese hulpbronne op ons biblioteekbestuur- en kursusbestuurstelsels Alma en Leganto te vergemaklik. Hiervoor gebruik ons die RA21- ("Resource Access for the 21st Century"-)standaard, waarmee studente en dosente toegang tot elektroniese databasisse kan bekom sonder om die Biblioteek se webtuiste te gebruik. In plaas daarvan, kry hulle afstandstoegang deur die US se identiteitsbestuurstelsel en die Suid-Afrikaanse Identiteitsfederasie (SAFIRE). Trouens, volgens SAFIRE se Vertroue- en Identiteitsverslag 2022 is die US die tweede grootste implementeerder van die RA21-standaard van alle Suid-Afrikaanse hoëronderwysinstellings en wetenskapsrade.

Ons buitekampusstelsel Ezproxy maak steeds voorsiening vir akademiese hulpbronne wat nog nie versoenbaar is met die RA21-standaard nie. Buitekampustoegang tot e-hulpbronne via Ezproxy het egter die afgelope jaar aanhou daal. Ons skryf die jaarlikse afname in Ezproxy-gebruik sedert die middel van 2015 toe aan ontwikkelings in die ooptoegangbeweging én die verskyning van Sci-Hub, 'n roofwebtuiste wat gratis toegang bied tot navorsingsreferate, hoewel dit kopieregwette oortree. Ons bly 'n sterk voorstander van oop toegang deur ons verskillende dienste en inligtingstelsels.

### **3.4 Leadership in digital scholarship and research support**

#### **Stragetiese Doelwit 4**

**Om ons leierskapsrol in digitale akademieskap en navorsingsteun by die instelling te versterk.**

Ons het in 2022 etlike aktiwiteite op die gebied van digitale akademieskap, navorsingsdatabestuur, oop toegang en navorsingsteun onderneem.


#### **SUNScholar**

SUNScholar, die institusionele bewaarplek, is 'n vertoonvenster en veilige stoorplek vir die US se navorsingsuitset in die vorm van tesisse, proefskrifte, navorsingsartikels, referate en boekhoofstukke. Altesaam 1 123 nuwe tesisse en proefskrifte en 1 058 navorsingsuitsette is in die loop van die jaar bygevoeg (figuur 14). Die bewaarplek word steeds goed benut: Dit is 412 012 keer besoek, en 165 721 items is afgelaai (2021: 158 470) (figuur 15).




### 412 012 besoeke aan SUNScholar

*Getal nuwe toevoegings tot SUNScholar, 2020-2022*



*Figuur 14: Getal nuwe toevoegings tot SUNScholar, 2020-2022*

*Benutting van SUNScholar, 2020-2022*



*Figuur 15: Benutting van SUNScholar, 2020-2022*

Te oordeel na besigtigings, was die volgende vyf items op SUNScholar dié jaar die gewildste:

*Tabel 3: Gewildste vyf SUNScholar-items, 2022*

TITEL	BESIGTIGINGS
Women's vulnerability, sexual power and prevention of stigma: what do prevention campaigns tell us?	14 581
The impact of social grants as anti-poverty policy instruments in South Africa	9 892
'n Behoefte aan die integrering van tegnologie in die Afrikaans Huistaal-klaskamer	9 823
Parenting in a time of COVID-19	8 502
Causes of food insecurity in Southern Africa: an assessment	8 250




**165 721** SUNScholar-items afgelaai

## SUNDigital Collections


Ons digitale erfenisbewaarplek bestaan nou uit 17 158 items in 44 versamelings nadat dit in die verslagjaar met 1 262 items aangegroei het (figuur 16). Soos figuur 17 egter toon, het besoeke aan die bewaarplek in 2022 afgeneem nadat dit die vorige jaar bykans verdubbel het. Van die gewildste versamelings is die David Marks 3rd Ear-musiek-versameling, ons dokumentopsporingsgidse, en die Maguire San- etnobotaniese versameling.

**Getal items in SUNDigital Collections, 2013-2022**




**Figuur 16:** Getal items in SUNDigital Collections, 2013-2022

**Benutting van SUNDigital Collections, 2020-2022**



**Figuur 17:** Benutting van SUNDigital Collections, 2020-2022



**17 158** items in  
SUNDigital Collections



**15 834** items van SUNDigital  
Collections afgelaai



SUNDigital Collections  
**32 822** keer besoek

## SUNJournals

Sewentig nuwe navorsingsuitsette deur US-outeurs het die afgelope jaar in die 20 aktiewe tydskrifte op SUNJournals, ons ooptoegangtydskrifplatform, verskyn. Ons was ook ingenome om twee nuwe ewekniebeoordeelde tydskrifte, Journal for Language Teaching en Psychology in Society, by die platform in te sluit. Veral die South African Journal of Industrial Engineering word besonder goed benut en is in 2022 altesaam 155 965 keer besoek. Daarbenewens het ons noodsaaklike sagtewareverbeteringe aangebring om te sorg dat die platform aanhou optimaal werk.

**Tabel 4: NDB-opleidingsessies, 2022**

TITEL VAN OPLEIDINGSESSIE	GETAL DEELNEMERS	GETAL BESIGTIGINGS VAN SESSIE-OPNAME	TOTAAL
Inleiding tot NDB	62	49	111
Databestuursbeplanning	42	29	71
Data-uitruiling en -verspreiding	25	15	40
Hoe om die institusionele navorsingsdatabewaarplek te gebruik	32	21	53
<b>TOTAAL</b>	161	114	275

## Navorsingsdatabestuur

Navorsingsdatabestuur (NDB) verwys na die proses om die versameling, verwerking, ontleding, uitruiling, verspreiding, bewaring en hergebruik van navorsingsdata te beplan en te beheer. Ons Afdeling Navorsingsdatadienste staan kliënte in dié verband by.


### Opleiding en konsultasies

Tabel 4 bevat 'n lys van die NDB-opleidingsessies wat ons in 2022 as deel van die werk sessieprogram #SmartResearcher aangebied het.

Ons het ook ander, meer pasgemaakte NDB-verwante opleidingssessies voorsien aan fakulteite en departemente wat dit versoek het. Een voorbeeld was 'n inleidende sessie vir nagraadse studente van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Die Afdeling Navorsingsdatadienste en die hulpkantoor vir navorsingsverwante IKT het boonop NDB-konsultasies onderneem. Soos vorige jare, het kliënte se navrae weer meestal oor databestuursbeplanning en SUNScholarData gehandel (figuur 18).

#### Oorsig van navrae oor navorsingsdatadienste in 2022



#### Databestuursbeplanning

Ons het ons werk voortgesit om 'n institutionele sagtewareplatform vir databestuursbeplanning by die US tot stand te bring. Nadat ons verskeie rolspelers by die Universiteit geraadpleeg en 'n aantal sagtwaremoontlikhede ondersoek het, het ons uiteindelik Data Stewardship Wizard as die belowendste oplossing gekies.

#### NDB-biblioteekgids

Ons NDB-biblioteekgids het in Julie verskyn. Dit bied die Universiteit se navorsers maklike toegang tot 'n magdom inligting oor databestuur, -versameling/-skepping, -verwerking, -ontleding en -publikasie. Ander onderwerpe wat in die gids ter sprake kom, is die NDB-avontuurspeletjie wat ons saam met die Universiteit van Bath ontwikkel het, NDB-oorsigbestuur by die US, en die navorsingsdatadienste wat ons bied. Die nuwe gids het teen die einde van 2022 reeds 1 095 besigtigings aangeteken.

#### Eksterne bydraes en geleenthede

Om ons kennis met ander te deel en terselfdertyd by hulle te leer, het ons Afdeling Navorsingsdatadienste aan 'n aantal NDB-geleenthede deelgeneem.

Dit sluit in die Simposium oor Biodiversiteitsinformatika in Suid-Afrika, die ooptoegangweek van Walter Sisulu Universiteit, en 'n werksessie van die Zambiese regering en UNICEF om die ontwikkeling van 'n nasionale navorsingsbewaarplek vir Zambia te help beplan. Voorts was ons NDB-avontuurspeletjie, 'n sameweringsprojek met die Universiteit van Bath, een van die opvoedkundige speletjies wat by die Universiteit van Glasgow se 3de Navorsingsteunspeletjedag ten toon gestel is.

Ons het ook tot die tegnologiemaatskappy Digital Science se [verslag oor die stand van oop data vir 2022](#) bygedra.

#### SUNScholarData

SUNScholarData, ons navorsingsdatabewaarplek, gaan voort om navorsingsdata van die Universiteit te bewaar en beskikbaar te stel.

'n Samevatting van die jaar se aktiwiteit op SUNScholarData, die US se navorsingsdatabewaarplek, verskyn hier onder:

**Tabel 5: Benuttingsyfers vir SUNScholarData, 2021 en 2022 (wat PLOS-statistieke uitsluit)**

	2021	2022
Totale bydraes	869	212
Getal bydraers	23	53
Totale besigtigings	5 034	27 208
Totale datastelle afgelaai	3 078	8 047



**212** nuwe datastelle op SUNScholarData gelaai



**8 047** datastelle van SUNScholarData afgelaai

## **US-geaffilieerde PLOS- ("Public Library of Science"-)tydskrifdatastelle**

Die getal aanvullende US-datastelle in die PLOS-navorsingsdatabewaarplek het die afgelope jaar stelselmatig toegeneem. Deur dié datastelle met die US se navoringsdatabewaarplek te koppel, het ons die totale getal PLOS-geaffilieerde datastelle op SUNScholarData tot 4 041 verhoog. Totale besigtigings van alle datastelle, PLOS inkluis, het op 440 970 te staan gekom, en altesaam 105 087 datastelle is afgelaai.

## **Digitale humaniora**

Die terrein van digitale humaniora behels die teorieë, metodologieë en praktyke vir die gebruik van digitale middele in geesteswetenskaplike akademieskap.

Ons het gedurende 2021 formeel vasgestel dat ons 'n bydrae kan lewer deur projekte oor digitale humaniora aan te bied en ook met fakulteite aan sulke inisiatiewe saam te werk. Gevolglik het ons tóé reeds 'n biblioteekgids oor die onderwerp die lig laat sien, wat ons in 2022 bygewerk het. Die gids is in die loop van die verslagjaar 535 keer besigtig.

Wat interne vennootskappe op die terrein van digitale humaniora betref, het ons samewerking met Ekonomiese Geskiedenis op die digitalisering van drie Africana-bundels uitgeloop. Saam met die Transformasiekantoor se projek vir visuele regstelling het ons boonop die Hardekraaltjie-versameling in SUNDigital Collections geskep. Dit volg ná die Universiteit se skakeling met die Tiervlei-gemeenskap en ander belanghebbendes in die soek na gepaste maniere om eer te betoon aan lede van dié

gemeenskap wat in die voormalige Hardekraaltjie-begraafplaas, wat nou gedeeltelik op die US se Tygerbergkampus geleë is, begrawe lê. Tot dusver is 21 items by die versameling ingesluit.



**471** deelnemers aan #SmartStudent-werksessies (generiese opleiding)

## **#SmartStudent- en #SmartResearcher-werksessies**

Ons het in 2022 die #SmartStudent-werksessies, wat op voorgraadse studente afgestem was, in algemene inleidende sessies omskep. Alle sessies buiten dié oor kursusleeslyste is nou korter, 30 minute lange aanbiedings. Deelnemers het van 117 in 2021 tot 471 in 2022 toegeneem, wat op toenemende belangstelling in die sessies duï.

Op sy beurt voorsien die #SmartResearcher-program nagraadse studente en navorser van opleiding oor die verskillende fasette van die navoringsproses. Saam met #SmartStudent verseker dié opleiding dat alle navorser aan die US, van nuwelinge tot gevvestigde akademici, ten volle ondersteun word. Ondanks 'n effense afname in die intydse bywoning van die webinare die afgelope jaar (1 788 teenoor 1 802 in 2021), het besigtigings van die sessie-opnames byna verdubbel van 466 in 2021 tot 858 in 2022. "Mendeley vir verwysingsbestuur" was die gewildste sessie

**Tabel 6: #SmartResearcher-deelname en -besigtigings, 2022**

WEBINAARTITEL	TOTALE INTYDSE DEELNEMERS	TOTALE BESIGTIGINGS VAN OPNAME OP ONEDRIVE
Mendeley vir verwysingsbestuur	318	202
Hoe om 'n literatuurorsig te doen	266	157
Bibliotekoriëntering vir nagraadse studente en nuwe personeel	154	30
Word-wenke en -kunsies	106	114
Inleiding tot navoringsdatabestuur (deel 1) en databestuursbeplanning (deel 2)	104	52
Kopieregwessies	96	6
Dien jou tesis of proefskrif by SUNScholar in, 2022	83	47
Datavisualisering met PowerBI	76	20
Oorsig van sagteware vir doeltreffende dataontleding en -visualisering	5	6
Stelselmatige oorsig	67	69
Inleiding tot Tableau Public	57	18
Nuttige instrumente vir navoring	56	37

Bou jou navorsingsimpak uit	54	9
Bestuur jou unieke outeursidentiteit met ORCID	48	5
Dataverspreiding en -uitruiling	44	10
Belangrike besluite oor die publikasie van jou navorsing	42	8
Die opsporing van regeringstatistieke	42	36
Verhoog die sigbaarheid van jou navorsing	37	1
Hoe om die institutionele navorsingsdatabewaarplek te gebruik	32	7
Inleiding tot Spesiale Versamelings	31	4
	1788	858

Op grond van hulle terugvoer lyk dit of deelnemers aan #SmartResearcher steeds waarde uit die sessies put, soos die volgende kommentaar toon:

- "Eenvoudig, maklik om te verstaan, en goed aangebied."
- "Goed ingeligte aanbieders op sowel klets- as eintlike aanbiedingsplatform. Interaktief, en het ook spesifieke deelnemerkwessies hanteer. Was goed, dankie."
- "Baie omvattend, relevant en goed aangebied. Het my baie met my navorsingswerk gehelp. Aanbieder en assistente was almal baie goed voorberei, bekwaam, toeganklik en hulpvaardig. Uiters waardevolle sessie, dankie."
- "As 'n inleidende sessie, is dit uitstekend. Die gids wat voorsien word en die advies oor waar om hulp te kry help 'n mens die onderwerp beter verstaan."

### Biblioteeknavorsingsweek

Die Biblioteeknavorsingsweek is een van ons vlagskipprogramme waarmee ons tot die Universiteit se strategiese tema van "Navorsing vir impak" bydra. Vanjaar se geleentheid, die tiende aflewering, het van 16 tot 20 Mei plaasgevind. Die tema was "Karteer jou navorsingsreis".

Die hoogtepunt van die bekendstellingsgeleentheid was 'n paneelbespreking oor navorsingsetiek, wat prof Ronelle Carolissen van die US se Departement Sielkunde behendig gefasiliteer het. Die paneeldele was dr Marilize Burger (Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe), me Katlego Mthelebofu (Reggeleerdheid), mnr Jerall Toi (Afdeling Inligtingsoorsigbestuur) en me Clarissa Robertson (Afdeling Navorsingsontwikkeling). Sowel kontak- as aanlyn deelnemers aan die hibridiese sessie het geesdriftig aan die gesprek deelgeneem.

Die res van die week se sessies het oor die verskillende fases van die navorsingslewensiklus gehandel. Akademici, bibliotekarisse en personeel van ander steunafdelings het saamgewerk om sessies oor stelselmatige en literatuuroorsigte,

akademiese skryfintegriteit, Mendeley-verwsingsbestuursagteware, die gebruik van die databasis Sage Research Methods Online, inligtingsopsporingstrategieë en nog baie meer te fasiliteer en aan te bied.


Ondanks laer bywoningsyfers as in 2021 en 2020, was deelname- en interaksievlekke steeds hoog en was die terugvoer besonder positief. Alle aanbiedings van Biblioteeknavorsingsweek 2022 is op ons webtuiste te kry en het teen die einde van 2022 reeds 530 besigtigings aangeteken.



## **Unieke outeursidentifikasie met Open Researcher and Contributor ID (ORCID)**

Teen die einde van die verslagjaar het 5 957 US-personeellede en -studente wat 'n US-e-posadres gebruik oor geregistreerde ORCID-ID's besik. Altesaam 2 053 (34%) het hulle ID's deur die Universiteit se ORCID-integrasiestelsel aan hulle US-identiteite gekoppel (figuur 19). Om dié syfer te verhoog, het ons in September en Oktober 'n bemarkingsveldtog getiteld "Jou ORCID-ID gaan oor konneksies" aangebied. Daarbenewens het die Viserekotor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie in Desember in 'n direkte boodskap aan alle akademiese personeellede 'n beroep gedoen op personeel om hulle ID's deur die US-integrasie te koppel. Na aanleiding van hierdie pogings het gekoppelde identiteite met sowat 60 toegeneem.

### **ORCID-ID's geskep deur US-navorsers, 2013-2022**



**Figuur 19:** ORCID-ID's geskep deur US-navorsers, 2013-2022

In ander ORCID-nuus het ons 'n nuwe integrasie met SUNJournals geskep waarmee alle outeurs wat in tydskrifte op dié platform publiseer hulle gepubliseerde werk direk aan hulle ORCID-profiële kan koppel. Geverifieerde ORCID-ID's sal ook langs die outeur se naam in publikasies verskyn.

### **Steun vir ooptoegangpublikasie**

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium (SANLiC) gaan voort om namens die land se hoëronderwysinstellings met uitgewers te onderhandel, met 'n bepaalde klem op die oorgang na oop toegang. Die doel van die transformerende ooreenkoms wat SANLiC beding, is om gekontrakteerde betalings van intekengegrondlees na ooptoegangpublikasie te verskuif.

Hulle het in 2022 wéér daarin geslaag om 'n aantal ooreenkoms met uitgewers aan te gaan wat die US se outeurs in die jare wat voorlê nog heelwat sal baat:

- Die lees-en-publiseer-ooreenkoms met Emerald vir die tydperk 2022 tot 2024 stel korresponderende outeurs van die US in staat om 'n beperkte getal artikels gratis as oop toegang te publiseer in die goue en hibridiese tydskrifte waarop ons ingeteken is.

- Ingevolge die ooreenkoms met SAGE kan korresponderende outeurs van die US 'n onbeperkte getal artikels as oop toegang in SAGE se hibridiese titels (SAGE Choice) publiseer sonder dat dit die outeur enigets kos. Kwalifiserende korresponderende outeurs betaal ook 20% laer publikasiefooie in byna al SAGE se Pure Gold-optoegangtydskrifte.

- Korresponderende outeurs van die US kan voorts 'n onbeperkte getal artikels as oop toegang publiseer in die tydskrifte van die Instituut vir Meganiese Ingenieurs (IMechE), waaronder die IMechE se verrigtinge, wat uit 16 dele bestaan, en twee ander ewekniebeoordeelde ingenieurstydskrifte.

### **SANLiC-ooreenkoms met Wiley 'n mylpaal**

Die ondertekening van 'n vier jaar lange ooreenkoms met Wiley op grond van 'n nuwe ooptoegangpublikasiemodel verdien spesiale vermelding. Hierdie mylpalooreenkoms, wat SANLiC in 2022 aangekondig het, kombineer lees- en publikasiedienste in 'n enkele kontrak vir deelnemende instellings.

Die ooreenkoms waarborg volle leestoegang tot Wiley se meer as 1 400 gesloten en hibridiese tydskrifte. Outeurs van deelnemende instellings kon boonop reeds vanaf vroeg in 2022 aanvaarde artikels as oop toegang in Wiley se hibridiese tydskrifte begin publiseer sonder enige finansiële of administratiewe vereistes. Hierdie voordeel sal vanaf 2023 tot 2025 ook op alle goue ooptoegangtydskrifte van Wiley en Hindawi toegepas word.

As 'n mens in gedagte hou dat dit gemiddeld \$2 500 kos om een ooptoegangartikel te publiseer, sal die ondertekening van hierdie ooreenkoms outeurs sowat \$185 000 in artikelverwerkingskoste spaar op grond van die gemiddelde getal artikels van US-outeurs wat in hierdie tydskrifte verskyn.

### **Deelname aan Wêreldwetenskapforum**

Me Ellen Tise (Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens) het in Desember 2022 aan die Wêreldwetenskapforum in Kaapstad deelgeneem.

Die tweejaarlikse geleentheid verken die sosiale en ekonomiese relevansie, invloed en verantwoordelikhede van die wetenskap om na oorspronklike reaksies op wêreldwye uitdagings te soek. Die paneelbespreking waaraan me Tise deelgeneem het, het gehandel oor hoe volle ooptoegangwetenskap vir die hele globale suide bewerkstellig kan word. Paneellede het klem gelê op die belang van wetenskaplike kennisuitruiling namate die wêreld globale bedreigings soos gesondheidskrisse en klimaatsverandering probeer bestuur. Die gesprek het ook insigte opgelewer oor die globale suide se unieke uitdagings en geleenthede om na volle ooptoegangwetenskap te beweeg.



**Figuur 20:** Van Leer- en Opleidingsdienste is (van links) personeelde Norman Hebler, Darryl Geldenhuys, Glynis Kelly, Bruce Lewis en Jeremiah Pietersen



**Figuur 21:** Van Navorsingsdienste is (van links) personeelde Samuel Simango, Kirchner van Deventer, Bronwyn Bruton, Siviwe Bangani, Marié Roux, Letlao Seloma en Sizwe Ngcobo

### **3.5 Interne en eksterne vennootskappe en inklusiewe netwerke**

#### **Strategiese Doelwit 5**

**Om interne en eksterne vennootskappe en inklusiewe netwerke te bevorder.**

As ons bydrae tot die US se oogmerk om doelbewus vennootskappe te smee en sosiale netwerke te bou, is ons voortdurend besig om sowel binne as buite die Universiteit nuwe bande en netwerke te ontwikkel en bestaandes te koester.

#### **Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke**

Ons is daar toe verbind om op gebiede soos datageletterdheidsvaardighede, digitale humaniora en databerzing, -uitruiling en -bewaring met die US se Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke saam te werk.

Gevollik het ons deelgeneem aan twee sessies wat as deel van die aktiwiteite van die Universiteit se ad hoc-komitee oor NDB vir die Skool aangebied is. Albei sessies het gehandel oor die praktiese implementering van die US se NDB-regulasies en voldoening aan wetgewing oor dataprivaatheid en toegang tot inligting, waaronder die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting 4 van 2013 en die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting 2 van 2000. Ons Bestuurder: Navorsingsdatadienste was later in die jaar ook 'n genooide gas by die Skool se werksessie oor die stand van mikrobiom-wetenskap in Afrika.

#### **Kaapse Hoëronderwysbiblioteek-en-inligtingsnetwerk (CHELiN)**

In streeksverband is ons deel van CHELiN, 'n vennootskap met die drie ander openbare universiteitsbiblioteke in die Wes-Kaap.

Onderlinge uitleenaktiwiteite tussen die vier universiteitsbiblioteke in die provinsie is gedurende die inperking opgeskort en het in April 2022 hervat. Sedertdien het ons 138 pakkies by ons drie eweknieinstellings afgelewer.

Daarbenewens het sewe van ons personeelde baat gevind by 'n kursus oor NACO ("Name Authority Cooperative Programme") vir alle CHELiN-lede. Dr Hester Marais van die Unisa-biblioteek het die vyf dae lange kursus in Augustus in ons Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek op Tygerbergkampus gefasiliteer. NACO, wat die Amerikaanse parlementêre biblioteek in 1977 van stapel gestuur het, bestaan uit 'n aantal biblioteke wat saamwerk om 'n meesterbronleer, oftewel die Naambrondatabase, op te stel. Dit maak bronbeheer moontlik, wat doeltreffende

aanlyn inligtingsopsporing in biblioteekkatalogusse vergemaklik (in die lig van naamsveranderinge en skuilname) én 'n belangrike voorvereiste is om aan netwerkstelsels deel te neem. Danksy die opleiding het die 18 metadatabibliotekaris wat die kursus bygewoon het die kompleksiteite van naambrondeskrywing bemeester om voortaan tot die Naambrondatabase te kan bydra. Die kursus het ook as 'n noodsaaklike bousteen gedien om die katalogusse van die vier CHELiN-lede voor te berei vir die gekoppelde data-omgewing – die wêreldwyre biblioteektendens waar datastelle in 'n massiewe gekoppelde inligtingsruimte onderling uitgeruil word.

#### **Ilifu-projek**

'n Ander streeksprojek waartoe ons bydra, is ilifu – 'n NDB-inisiatief wat beoog om gemeenskaplike databewaringsinfrastruktuur, -vaardighede en -standarde vir alle Wes-Kaapse openbare hoër-onderwysinstellings op die terrein van bio-informatika en sterrekunde te skep.

Die vier universiteite in die provinsie het in 2022 verder gewerk om CoreTrustseal-sertifisering vir hulle onderskeie institusionele navorsingsdatabewarplekke te bekom. Die sertifisering dien as 'n bewys van die gehalte van die infrastruktuur, bestuur en tegnologie verbonde aan databewarplekke en baat sowel navorsers as finansiers. SUNScholarData staan op die punt om hierdie gesogte gehalteë te ontvang.

#### **Suid-Afrikaanse Nasionale Biblioteek- en Inligtingskonsortium (SANLiC)**

Ons is 'n trotse lid van SANLiC, 'n biblioteekorganisasie sonder winsoogmerk wat namens al sy lede gesamentlik pryse met uitgewers en samestellers beding. SANLiC-lede bestaan uit hoërondertwysinstellings en ander navorsingsentiteite, waaronder die Nasionale Navorsingstigting, die Mediese Navorsingsraad en Mintek.

Ons SANLiC-verwantskap het ons die afgelope jaar meer as R228 315 130,64 in intekengeld gespaar. Baie van die jare lange lees-en-publiekserooreenkoms het aan die einde van 2022 verstryk, en die organisasie het dié kontrakte herbeding en wéér 'n gunstige bedeling vir sy lede bekom. Al die ooreenkoms bevoerde ooptoegangpublikasie, in Suid-Afrika oor die algemeen sowel as by die US in die besonder, en sal akademiese navorsing vir meer mense sigbaar en toeganklik maak.

SANLiC se direksie bestaan uit verskeie direkteure van tersiêre biblioteke en ander lede-instellings. Me Ellen Tise (Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens) het in 2022 die voorsitterstoel ingeneem, wat van ons statuur en reputasie as 'n toonaangewende hoërondertwysbiblioteek getuig.



Meer as **R228 miljoen** deur SANLiC-lidmaatskap gespaar

### **3.6 Bekwame, diverse en buigsame personeel**

#### **Strategiese Doelwit 6**

**Om bekwame, diverse en buigsame personeel te ontwikkel en te ondersteun.**

Ons wil graag hê die US moet floreer en 'n voorkeurwerkgewer wees. Daarom skenk ons spesiale aandag aan ons personeelstrukture en -planne om 'n bekwame, diverse en buigsame personeelkorps te bou en te behou.

Ons het die afgelope jaar voortgegaan om ons organisatoriese strukture, werkvllei en prosesse te hersien om doeltreffendheid op aangewese terreine te verbeter. Boonop het ons opvolgingsplanne gerekry om proaktief in ons verskillende afdelings se behoeftes te voorsien.

Die Biblioteek het teen die einde van 2022 oor 102 personeellede beskik, van wie 96 voltydse en vier deeltydse permanente aanstellings was en twee uit eksterne finansiering betaal is. Vyftien studente-assistente het ook in die takbiblioteke gehelp.



**102 personeellede**

Om produktiwiteit te verhoog, erken ons graag uitnemendheid onder ons personeel. Dit motiveer nie net toppresteerders nie, maar inspireer ook ander om hulle voorbeeld te volg. Vir ons beloning- en erkenningsgeleentheid dié jaar het ons in Maart 'n ontbyt aangebied.

Die Biblioteek is ook trots op Wouter Klapwijk, ons Direkteur: Inligtingstegnologiedienste, wat in 2022 die Universiteit se langdienstoekenning ter erkenning van sy 25 jaar getroue diens ontvang het.

### **Interne opleiding en ontwikkeling**

Vanjaar se pasgemaakte interne opleiding-en-ontwikkelingsprogram vir personeel het uit tien sessies bestaan, wat elk gemiddeld 40 personeellede gelok het. Sessies het gehandel oor temas soos die gebruik van die virtueledienstaanbod in ons biblioteke, 'n bekendstelling aan 3D druk- en skan-deerwerk in die Makerspace, en 'n kykie na die seldsame items wat ons bewaar. Ander sessies was oor die vergelyking van biblioteek-, inligtings- en onderwysdienste, die digitale humaniora, en Elek-tronika 101 in die Makerspace. Ons het ons personeel van die biblioteekbehoeftes van studente met gestremdhede bewus gemaak, en twee sessies is ook aan personeelterugvoer ná konferensiedeelname gewy.

Personeellede het boonop aan die werksessies van die US se Afdeling Menslike Hulpbronne deelgeneem, wat onder andere oor werknemerwelstand, persoon-like finansiële welstand en prestasiebestuur gehandel het.

### **Formele opleiding en ontwikkeling**

'n Aantal van ons kolgas het in 2022 verdere formele kwalifikasies nagejaag. Dit het ingesluit studie vir 'n PhD in Inligtingkunde, magistergrade in Geskiedenis sowel as Biblioteek- en Inligtingkunde, baccalaureusgrade in Biblioteek- en Inligtingkunde, die graad Baccalaureus in die Lettere en Wysbe-geerte in Kommunikasiekunde, die Nagraadse Diploma in Biblioteek- en Inligtingkunde, en die Hoër Sertifikaat in Argief- en Rekordbestuur.

Party personeellede het ook kursusse van die Kaapse Hoéronderwyskonsortium (CHEC) bygewoon, waaronder oor veerkratige leierskap en bedryfsuitnemendheid.

### **Personeelverrykingsprogram 2021/22**

Een personeellid het in 2022 aan ons tweearlikse personeelverrykingsprogram deelgeneem deur by die Mortenson Sentrum vir Internasionale Biblioteekprogramme aan die Universiteit van Illinois in Urbana-Champaign, Verenigde State, besoek af te lê. Hier het hy met verskillende biblioteke en beroepsorganisasies gesakel en aan konferensies en werksessies met kenners op die gebied deel-geneem, wat hom waardevolle blootstelling aan innoverende dienste en beste praktyke gegee het. Met sy terugkeer het ons kolga sy nuwe kennis en kundigheid op verskeie maniere met ons gedeel, onder meer deur 'n aanbieding en 'n volledige verslag. Die nuwe vaardighede maak nou deel uit van die Biblioteek se strategiese aksieplanne.

## Nasionale en internasionale konferensies, simposiums, seminare en werksessies

Biblioteekpersoneel het die hele jaar deur tred gehou met nuwe tendense en ontwikkelings in die hoëronderwys- en biblioteeklandskap deur verskeie konferensies en werksessies by te woon. Dit het die volgende ingesluit:

### Konferensies en simposiums

- Die jaarlikse Akademieskap van Onderrig en Leer-(AvOL-)konferensie van die US se Sentrum vir Onderrig en Leer (AvOL2022)
- Die konferensie van die Biblioteek- en Inligtingsvereniging van Suid-Afrika (LIASA)
- 15<sup>de</sup> Suider-Afrikaanse Aanlyn Inligtingsvergadering (SAOIM)
- Internasionale Kongres van Mediese Bibliotekaris (ICML)
- 7<sup>de</sup> Wêreldkonferensie oor Navorsingsintegriteit
- Die kongres van die Internasionale Vereniging van Musiekbiblioteke (IAML) (virtueel)
- Die aanlyn konferensie van die Britse en lperse Vereniging van Regsbibliotekaris (BAILL)
- Die konferensie van die Internasionale Federasie van Biblioteekverenigings (IFLA)
- 2<sup>de</sup> Internasionale Konferensie oor Inligtingsgeletterdheid (ICIL) Afrika
- Simposium oor Biodiversiteitsinformatika in Suid-Afrika
- Byeenkoms van LIASA en die Staande Konferensie van Biblioteek- en Inligtingsverenigings van Oos-, Sentraal- en Suider-Afrika (SCECSAL)
- Streekskonferensie oor onderrig en leer vir die regsfakulteite van die universiteite van Kaapstad, Wes-Kaapland en Stellenbosch
- Konferensie van LIS-Bibliometrics (aanlyn)
- Wêreldwetenskapforum
- Seminare, webinare en werksessies
- Jaarlikse Suid-Afrikaanse ORCID-werksessie
- Webinaar deur Knowledge Rights 21 oor die dringendheid van oplossings vir die nievolhoubare e-boekemark
- Webinaar deur die Universiteit van Pretoria oor die dekolonisasie van die akademiese biblioteekversameling
- E-boekewebinaar deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens van Noordwes-Universiteit



Figuur 22: Van die Ingenieurs-en-Bosboubiblioteek is (van links) personeellede Naomi Visser, Rachel Niyarmugisha, Natasha Arendse en Riaan Moses

## **Seminare, webinare en werksessies**

- Annual ORCID South African workshop
- Knowledge Rights 21 webinar titled "The empty library: the urgency of solutions to unsustainable eBooks market"
- University of Pretoria webinar titled "Decolonizing the academic library collection"
- North-West University Library and Information Service e-book webinar

## **Personneelpublikasies en -aanbiedings**

### **Publikasies**

- Bangani, S. 2022. Academic libraries' contribution to gender equality in a patriarchal, femicidal society. *Journal of Librarianship and Information Science*, 0(0)1-12. <https://doi.org/10.1177/09610006221127>.
- Bangani, S., Chizwina, S. & Moyo, M. 2022. Media as a scholarly source of information: Citations for legal theses and dissertations. *South African Journal of Libraries and Information Science*, 88(1):1-13. <https://doi.org/10.7553/88-1-2030>.
- Bangani, S. & Dube, L. 2022. Birds of a feather: Partnerships towards community engagement in South African academic libraries. *The Journal of Academic Librarianship*, 48(6):102598. <https://doi.org/10.1016/j.acalib.2022.102598>.
- Simango, S.M. 2022. Preparing for South Africa's proposed Open Data Strategy: Lessons from Stellenbosch University. In Digital Science. *The State of Open Data: Digital science report*. 10.6084/M9.FIGSHARE.21276984.V5
- Tise, E. & Swart, H. 2023. Resilience, retention and return of staff: the case of Stellenbosch University Library, in D. Baker, L. Ellis, C. Williams & C. Wragg (reds.). *Benchmarking library, information and education services: New strategic choices in challenging times*. Oxford: Chandos.

### **Aanbiedings en referate**

- Ball, A., Simango, S.M. & Khan, N. 2022. *Work, research data and play: the RDM adventure game*. Aanbieding by 3<sup>de</sup> Navorsingsteunspeletjedag, 15 Februarie (aanlyn).
- Bangani, S. & Dube, L. 2022. *South African libraries contributing to sustainable development goals through community engagement agenda*. LIASA-SCECSAL-byeenkoms 2022, 6 Oktober, Kempton Park.
- Du Plessis, P. 2022. *Finger-licking good: turning e-book pages*. E-boekewebinaar deur die Biblioteek- en Inligtingsdiens van Noordwes-Universiteit, 29 Junie (aanlyn).
- Klapwijk, W. 2022. *Applying agile principles for ICT operations management in libraries*. 87<sup>ste</sup> IFLA Wêreldbibliotek- en-inligtingskongres, 20 Junie, Dublin, Ierland.
- Pietersen, J. 2022. *The intersection between information literacy and critical pedagogy: updating the Stellenbosch University Information Literacy Framework*. 2<sup>de</sup> Internasionale Konferensie oor Inligtingsgeletterdheid (ICIL) Afrika, 12 Oktober, Potchefstroom.
- Pietersen, J. 2022. *Sharing experiences and igniting conversations about library statistics*. LIASA-webinaar: Gauteng-Suid-tak, HELIG en Universiteit van Johannesburg, 24 Augustus (aanlyn).
- Pietersen, J. & Moll-Willard, E. 2022. *Creating information-smart students: librarians and their hidden role in the teaching agenda at Stellenbosch University*. Universiteit Stellenbosch Akademieskap van Onderrig en Leer- (AvOL-) konferensie, 26 Julie, Stellenbosch.
- Roux, M. 2022. *Bibliometric competencies and the promotion of responsible use of metrics at Stellenbosch University Library*. LIS-Bibliometrics-konferensie, 12 Oktober (aanlyn).
- Roux, M. 2022. *Information literacy provision to postgraduates and researchers: the #SmartResearcher workshop experience*. 2<sup>de</sup> Internasionale Konferensie oor Inligtingsgeletterdheid (ICIL) Afrika, 11 Oktober (aanlyn).
- Roux, M. 2022. *Introduction to data visualisation with Tableau Public*. Aanbieding by die Afrika Doktorale Akademie-winterskool, 2 Julie (aanlyn).
- Roux, M. 2022. *Maximising your research impact*. Werksessie as deel van Webinar Wednesday van die Afrika Doktorale Akademie, 15 Junie (aanlyn).
- Seyffert-Wirth, M. 2022. *The library and open science at Stellenbosch University: a journey of impact*. Eerste Nelson Mandela-navorsingsweek, Nelson Mandela Universiteit, 11 November, Gqeberha.

- Simango, S.M. 2022. *A blueprint for an AI literacy programme at Stellenbosch University*. Aanbieding as deel van die Chai Wai-reeks van die Mortenson Sentrum-genootprogram, 21 Junie, Urbana-Champaign, Verenigde State.
- Simango, S.M. 2022. *Institutionalising research data management at a university*. Walter Sisulu Universiteit-oopoegangweek 2022, 26 Oktober, Mthatha.
- Simango, S.M. 2022. *The management of research data services: a Stellenbosch University perspective*. Simposium oor Biodiversiteitsinformatika in Suid-Afrika, 29 November, Stellenbosch.
- Simango, S.M. 2022. *An overview of Stellenbosch University's figshare-powered institutional research data repository*. Beplanningswerksessie vir 'n nasionale navorsingsbewaarplek, 6 September, Lusaka, Zambië.
- Tise, E.R. 2022. *Academic libraries in South Africa: strategic choices in challenging times*. XIX Internasionale Konferensie oor Universiteitsbiblioteke, 21 Oktober (aanlyn).
- Tise, E.R. 2022. *Accelerating the growth of South African open scholarship through transformational agreements*. LIASA/CHELSA-oopwetenskapsimposium, 24 Oktober, Pretoria.
- Tise, E.R. 2022. IGBIS-webinaar: #IGBISWITHLEADERS: Ellen Tise, 12 Julie (aanlyn). Beskikbaar: <https://www.liasa.org.za/events/EventDetails.aspx?id=1644241&hhSearchTerms=%22igbis%22>.
- Tise, E.R. 2022. *Paneelbespreking oor samewerking en belyning tussen rolspelers om hindernisse en ongelykheid uit die weg te ruim vir globale billikheid in vakkundige oopoegangpublikasie*. OA2020-werksessie, 22 November (aanlyn).
- Tise, E.R. 2022. *The paths to fully open access science across the global south*. Paneelbespreking by die Wêreldwetenskapforum Suid-Afrika, 7 Desember, Kaapstad.
- Tise, E.R. 2022. *Should the UFS continue to subscribe to academic journals that are behind a paywall?* Paneelbespreking by die Oopwetenskapseminaar van die Universiteit van die Vrystaat, 12 Mei (aanlyn).
- Tise, E.R. & Truran, G. 2022. *South African OA initiatives*. Oopwetenskapseminaar van die Universiteit van die Vrystaat, 12 Mei (aanlyn).



**Figuur 23:** Van ons Teologiebibliotek is (van links) personeellede Heila Maré, Beulah Gericke-Geldenhuys, Theresa Jooste en Annemarie Eagleton





4

# Other Activities



# Ander aktiwiteite

## Gehaltebeoordeling

Een van ons hoofprioriteite in 2022 was om 'n suksesvolle gehaltebeoordeling te onderneem. Ons het die proses vroeër in die jaar aangevoor deur die Self-evalueringskomitee tot stand te bring en op die self-evalueringssriteria te besluit. Die komitee het bestaan uit alle lede van ons Gehalteversekeringskomitee en Senior Bestuurspan, twee akademiese personeellede van die US, twee verteenwoordigers elk van die Universiteit se nagraadse en voorgraadse studente, en 'n verteenwoordiger van die institusionele Gehalteversekeringskantoor. Die komitee het hulle self-evaluatingsverslag in Augustus afgehandel. Daarna het drie eksterne ewekniebeoordelaars – dr Reggie Raju (Direkteur: Navorsing & Leer aan die Universiteit van Kaapstad), me Kate Robinson (Universiteitsbibliotekaris: Universiteit van Bath) en dr Lorraine Harricombe (Viserektor en Direkteur: Universiteit van Texas Biblioteke) – ons in September kom besoek. Hulle verslag het ons vroeg in Oktober bereik.

Die beoordelaars was oor die algemeen beïndruk met ons dienste en fasilitete en het die gehalte daarvan aan goeie leierskap toegeskryf. In hulle verslag het hulle onder meer aanbeveel:

- dat die Biblioteek op dieselfde vlak as 'n fakulteit geposisioneer word, en ons senior bestuur op gelyke voet met 'n dekaan en hoofdirekteure;
- dat ons doelbewus ons huidige samewerkings en organisatoriese strukture versterk;
- dat ons die geïdentifiseerde aksies in die verslag oorweeg om ons gebruikers se digitale ervaring te verbeter;
- dat ons dalk ons voorspraakwerk uitbrei, waaronder 'n sterker klem op ons sosialemedia-aktiwiteite om met studente te skakel; en
- dat ons loopbaanbestuur ("career pathing") oorweeg om ons senior bestuurspan te diversifieer.

Hulle het ons spesifiek geloof vir:

- ons denkleierskap en innovasie op die vakgebied, en vir ons aandag aan sowel die fisiese as digitale biblioteekruimte;
- die opknapping en vernuwing van ons personeelrui- mtes tot 'n hoë standaard, wat spanne nou doeltref- fend byeenbring;
- ons werk om die digitale gaping te oorbrug en toegang tot die volle omvang van ons dienste en hulpbronne te verbreed;

- ons nasionale leiersrol om strategieë vir beter toegang tot inligtingshulpbronne te herbedink; en
- ons inisiatiewe om die Biblioteek as 'n aktiewe en ingebedde vennoot in onderrig en navorsing te posi- sioneer.

Ons het ons reaksie op die ewekniebeoordelaars se aanbevelings in November by die US se Gehaltekomitee ingedien, waarin ons verduidelik hoe ons beplan om die beoordelaars se kwessies en aanbevelings te hanteer.

## Besoekers aan die Biblioteek

Ons het die hele jaar deur verskeie besoekers en afvaardigings ontvang, party vir vergelykingsdoe- leindes, ander vir navorsing, en 'n paar vir gewone skakeling. Ons gaste het die volgende ingesluit:-

- Dr Bülent Açıma, 'n akademikus van die Fakulteit Ekonomie en Administrasiekunde aan die Universiteit van Anadolu in Turkye, het op 13 April met fakulteitsbibliotekarisse vir Ekonomiese en Bestuur- swetenskappe ontmoet.
- Ons het op 31 Mei lede van die Sentrum vir Streeks- en Stedelike Innovasie en Statistiese Eksplorasie (CRUISE) en die Suid-Afrikaanse Raad vir Beplanners (SACPLAN) vir 'n akkreditasiebesoek ontvang. Hulle wou graag na ons versamelings en fasilitete vir studente in die magisterprogram in Stads- en Streeksbeplanning kyk.
- Twee navorsers, dr Imke van Heerden van Koc-universiteit en dr Anıl Baş van Marmara-universiteit, albei in Istanbul, Turkye, het ons van 4 Julie tot 10 Augustus besoek om toegang tot Afrikaanse en anderstalige tekste te bekom. Hulle is na bewering die eerste navorsingspan wat kunsmatige intelligensie gebruik om gedigte in Afrikaans te skep.
- Sewe magisterstudente van die Universiteit van Hasselt, België, het ons op 22 Julie as gaste van die bibliotekarisse vir die Fakulteit Regsgeleerdheid besoek vir 'n inleidende sessie oor Suid-Afrikaanse regshulpbronne.
- Dr Chihiro Kumashiro van die Tokio Universiteit vir Buitelandse Studie in Japan het ons op 2 Septem- ber besoek.
- Ons het op 14 September 'n groep van 20 leerders en vier opvoeders van die Sekondêre Skool Hexvallei in De Doorns ontvang.

- Vyf besoekers van Momentum het op 29 September 'n kort toer deur die US Biblioteek onderneem as deel van 'n groter kampusbesoek.
- Regter David Smuts van die Namibiese hooggeregshof het die Afdeling Spesiale Versamelings op 30 September besoek. Hy het na 'n uitstalling van letterkundige manuskripte uit die Melt Brink-versameling gekyk en sy persoonlike versameling boeke deur Brink aan ons geskenk om as deel van ons bestaande versameling te bewaar.
- Ons het eerwaarde AJD van Zijl van die Verenigende Gereformeerde Kerk Die Hoogtes (Hoekwil, Wildernis) en tien van sy lidmate op 3 Oktober ontvang om hulle aan die wêreld van tersiêre onderrig bekend te stel en hulle horisonne oor wetenskap en onderwys in die algemeen te verbreed.
- Mes. Lucy Black (Universiteit van Plymouth, Verenigde Koninkryk), Rose Jenkins (Universiteit van Dundee, Verenigde Koninkryk) en Kate Robertson (Universiteit van die Sonskynkus, Australië) het ons op 18 Oktober besoek om na ons biblioteekruimtes te kyk terwyl hulle op Stellenbosch was vir 'n konferensie van die Vereniging vir Hoëonderwysfasiliteitsbestuur.
- Ons het op 4 November besoek ontvang van lede van die Raad op Hoë Onderwys se ouditpaneel as deel van 'n groter kampustoer.
- Vyf lede van die senior biblioteekbestuur by die Durban Universiteit vir Tegnologie, waaronder dr Malefetjane Benny Phaladi (Direkteur: Biblioteekdienste), het ons op 8 November besoek om hulle biblioteekdienste en -fasiliteite met ons s'n te vergelyk.
- Sestien magisterstudente in Ingenieurswese van die Universiteit van Ingolstad, Duitsland, het ons op 14 November besoek vir 'n toer deur die US Biblioteek en om hulle eie navorsing te onderneem.
- Ons het op 16 November nege personeellede van die parlementêre biblioteek ontvang, wat graag meer oor die vestiging van 'n bewaarplek wou uitvind.
- Twee personeellede van die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad se Inligtingsdiens, mes. Siphethile Gcukumana en Xoliswa Matroko, het ons op 30 November besoek om hulle dienste met ons s'n te vergelyk.



**Figuur 24:** Regter David Smuts van die Namibiese hooggeregshof teken die Africana-versameling se besoekersboek in ons Afdeling Spesiale Versamelings ten tyde van sy besoek aan die Biblioteek in September 2022

## **US Opedag**

Die US het vir die tweede agtereenvolgende jaar 'n Opedagwebtuiste geskep, wat op 9 April bekend gestel is en tot aan die einde van Julie vir voornemende studente toeganklik was.

Ons blad op die webtuiste, wat ons met 'n video, brosjure en gereelde vrae gevul het (figuur 25), het op 9 en 10 April altesaam 173 besigtigings (2021: 228) aangeteken. Besigtigings het teen 31 Julie tot 248 (2021: 295) aangegroei. Ons video, waarin kykers virtueel deur die US Biblioteek en sy dienste kon toer, is 161 keer gekyk (2021: 103).

Ons sien daarna uit om Opedaggaste vanaf 2023 weer in die fisiese biblioteek terug te verwelkom. Terselfdertyd gaan ons graag voort met 'n virtuele aanbod vir diegene van ver.



**Figuur 25:** Materiaal wat op die Biblioteek se blad op die US Opedagwebtuiste 2022 verskyn het



## **Ons groet prof Eugene Cloete**

Ons het in Augustus 'n afskeidsgeleentheid vir prof Eugene Cloete, die Viserekotor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, aangebied. Die Biblioteek was vir sy volle dekade in dié amp deel van sy portefeuilje.

Henriëtte Swart (Direkteur: Takbiblioteke) het by dié geleentheid 'n oorsig gebied van prof Cloete se merkwaardige loopbaan, en sy bydraes tot die Biblioteek uitgelig.

Nadat prof Cloete hom in 2009 as dekaan van die Fakulteit Natuurwetenskappe by die US aangesluit het, het hy in 2012 Viserekotor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie geword. Hy het die pad met die Biblioteek gestap deur uitdagende dog opwindende tye, soos die bekendstelling van nuwe dienste, die skep van ruimtes soos die Leersentrum, Navorsingsruimte en Makerspace, en opknappings aan die US Biblioteek en takke soos die Ingenieurs-en-Bosboubiblioteek, die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek, en die biblioteek op ons Bellvilleparkkampus.

Ons het prof Cloete bedank vir sy innemende en deernisvolle leierskap, vir die skep van 'n omgewing waar personeel kon floreer en uitblink sonder om mislukking te vrees, en vir die aanmoediging om groot te droom en die leiding te neem in die uitvoering van planne. Sy voorspraak en getroue ondersteuning sal ons immer bybly; ons sal altyd onthou hoe hy die Biblioteek die middelpunt van die Stellenbosse akademiese en navorsingsgemeenskap gemaak het, en hoe hy ons deur uitdagings soos begrotingsbesnoeiings, oorstromings, brande, studente-oproer en Covid-beperkings gelei het.

Die Biblioteek verwelkom prof Cloete se opvolger, prof Sibusiso Moyo, wat die amp op 1 September 2022 aanvaar het. Ons sien daarna uit om met haar saam te werk om die Biblioteek tot selfs groter hoogtes te voer en as 'n kern-instaatsteller in die strewe na die Universiteit se strategiese visie te posisioneer.

## **Konferensie oor Ras en Transformasie in die Hoër Onderwys**

Die US het in November 2022 die drie dae lange Konferensie oor Ras en Transformasie in die Hoër Onderwys aangebied. Die tweede dag van die konferensie het onder meer uit 'n sessie oor visuele regstelling, die Biblioteek se Afdeling Spesiale Versamelings en visuele simbole op die Rooiplein bestaan, wat ons saam met die Departement Visuele Kunste aangebied het. Die sessie, wat in ons Afdeling Spesiale Versamelings aangebied is (figuur 26), was in die vorm van 'n gesprek oor die Universiteit se hantering van visuele regstelling teen die agtergrond van die Biblioteek se mandaat om geskiedenis te bewaar. Ons het met moeilike vrae geworstel, soos of die items in Spesiale Versamelings weliswaar spesiaal is vir ons belanghebbendes, en of ons dalk 'n volgende geslag navorsers vervreem deur ons missie van toegang en bewaring uit te voer.

Die stimulerende gesprek het ons nuut laat dink oor die konteks van die Spesiale Versamelings-ruimte en die voorwerpe wat ons daar bewaar. Ons beplan om in die toekoms as deel van visuele regstelling hiervan werk te maak en Spesiale Versamelings in 'n meer inklusiewe ruimte te omskep waar alle kliënte welkom voel.



**Figuur 26:** Deelnemers aan die sessie oor visuele regstelling en die Biblioteek se Afdeling Spesiale Versamelings gedurende die Konferensie oor Ras en Transformasie in die Hoër Onderwys



**Figuur 27:** Die Edwin Cameron-leeskamer, waar die voormalige regter van die Konstitutionele Hof en huidige US Kanselier se versameling bewaar word

## **Bekendstelling van Edwin Cameron-versameling en -leeskamer**

Soos ons vroeër verslag gedoen het, het ons die Edwin Cameron-versameling in 2021 ontvang. Ons het op 6 Desember 2022 die versameling ampelik bekend gestel en die leeskamer geopen. Onder die sprekers was regter Cameron self, prof Nicola Smit (Dekaan: Fakulteit Regsgeleerdheid) en me Ellen Tise (Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens).

Me Tise het gesê die versameling is die produk van 'n gesprek wat sy in Desember 2020 met Cameron aangevoer het en is die 461<sup>ste</sup> versameling wat die Dokumentesentrum in die Afdeling Spesiale Versamelings bewaar. Prof Smit het op haar beurt opgemerk: "Hierdie versameling deur een van Suid-Afrika se voorste regsgesleerde en aktiviste vir geregtigheid sal navorsers en ons studente Suid-Afrika se geskiedenis en ons verlede beter help verstaan. Dit is 'n kosbare geskenk aan huidige en toekomstige geslagte studente en vakkundiges."

Om die geleentheid te vier, het ons 'n uitstalling van uitgesoekte dokumente en foto's uit die versameling saamgestel, en Cameron het die leeskamer onthul waar sy items bewaar word. Die kamer heet na hom ter erkenning van sy besondere bydrae tot die geskiedenis van Suid-Afrika.



5

# Slotop- merkings



# Slotopmerkings

Ons het aan die einde van 2022 afskeid geneem van agt personeellede wat uitgetree het (een van die Musiekbiblioteek, een van die Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe Biblioteek, en ses van die US Biblioteek). Hulle was ware staatmakers, en party was vir meer as 40 jaar deel van die Biblioteek se personeel. Gesamentlik het hulle met meer as 220 diensjare gespog. Ons het hulle bedank vir hulle harde werk, toewyding en die magdom kennis wat hulle tot hulle onderskeie afdelings bygedra het. Hulle kollegas sal hulle baie mis.



**Figuur 28:** Afgetrede personeel: Reinet Faasen – 19 jare diens, Ingrid van der Westhuizen – 33 jare, Paula Conradie – 31 jare, Sheila Keet – 21 jare, Philip de Villiers – 12 jare, Susan Trent – 16 jare, en Ilse de Lange – 43 jare diens

Wat die toekoms betref, is ons opgewonde oor die vooruitsig om in Junie 2023 die 18de Internasionale Konferensie oor Oop Bewaarplekke (OR2023) by die Lord Charles-hotel in Somerset-Wes aan te bied. Ons het ons aanvanklike kans om gasheer te speel in 2020 misgeloop toe die konferensie as gevolg van die pandemie uitgestel moes word. Die tema vir OR2023, die eerste aflewering van dié geleentheid wat op die Afrikavasteland plaasvind, is "Ontsluit bewaarplekke vir ontdekking en wisselwerking".

Die jaarlikse byeenkoms vul 'n unieke ruimte in die konferensielandskap oor oop kennis, oop toegang en digitale bewaring. Dit word gekenmerk deur 'n klem op 'Hoe kan ons?' eerder as 'Hoekom moet ons?', wat dit 'n gunsteling onder bibliotekarisse, ontwikkelaars en bewaarplekbestuurders maak.

Ons sal ook ons planne afhandel vir die kongres van die Internasionale Vereniging van Musiekbiblioteke, -argiewe en -dokumentasiesentrums (IAML), wat in Junie 2024 op Stellenbosch plaasvind.

Ten opsigte van vordering met ons strategiese aksies vir 2021/22, het ons met wêreldklasdienste, -ruimtes en -hulpbronne ononderbroke voortgegaan om in die immer veranderende behoeftes van die akademiese gemeenskap te voorsien, en sodoende die US se visie, missie en strategiese prioriteite ondersteun. En in die jare wat voorlê, is ons bevoorreg om op vindingryke, kreatiewe en veerkragtige personeellede te kan staatmaak om die uitdagings en geleenthede op ons pad aan te pak.

Namate ons in 2023 saam met die Universiteit vorentoe beweeg, sal ons uit die lesse van die afgelope paar jaar put om ons praktyke aan te pas. Ons moet aanhou om onsself die volgende vrae te vra: Wat sal die inligtingsoekers van die toekoms van ons inligtingsverskaffers verwag? En hoe sal ons dit voorsien? Die soeke na antwoorde op hierdie vrae is 'n nimmereindigende reis. Wat ons egter wél vir seker weet, is dat ons in vennootskap met ander moet leer en dan daardie lesse moet deurdink en in ons eie konteks toepas.

Die Biblioteek is daartoe verbind om inspirerende, inklusieve en slim ruimtes sowel as 'n diverse en gesonde werksmag en werkplekkultuur te voorsien – uitgeknip vir die toekoms!

### Lede van die Bibliotekkomitee van die Senaat in 2022

Prof S Moyo (Viserekotor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, en komiteevoorsitter)\*

Prof JE du Plessis

Prof N Gey van Pittius

Dr D le Roux

Dr C Makhetha

Prof P Meyer

Prof S Muller

Prof D Ramjugernath

Prof G Sigge

Prof M Smith

Prof E Strauss

Me E Tise (Senior Direkteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens)

Mnr E Nell (namens die Studenteraad)

Me I de Lange (sekretaris)

\*Prof E Cloete, voormalige Viserekotor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, het tot en met sy uitrede in Augustus 2022 as komiteevoorsitter gedien.

